# *Ek Het Gehoor, Maar Nou Sien Ek*

Julle mag maar sit. Dis goed om weer vanaand terug te wees. Dankbaar dat ons nou weer hierdie geleentheid het om die Here te dien. En nadat ek julle so lank gehou het gisteraand, voel ek dit sou nie regverdig wees om julle weer lank te hou vanaand nie.

2 Net daaragter geluister na 'n medebroer van ons, in die Here, wat pas van Indiana af gekom het, verontrus deur 'n vreemde droom. Hy was nooit tevore in sy lewe in Shreveport nie. Maar hy het gedroom, nou die aand, dat hy na Shreveport toe gekom het, nie met sy motor nie. En hy het gekom met 'n . . . of iewers gekom, na 'n kerk waar ek gepreek het. Hy het gesê, nadat ek gepreek en gebid het vir die mense, het gesê: "'Iets gaan gebeur.'" Het gesê hy "was die volgende dag terug." En hy het gesê, hy "het die gebou geken, hoe dit gelyk het." Gesê: "Daar's 'n—daar was 'n burger—ouditorium oorkant die straat, maar hulle het nooit in die ouditorium ingegaan nie." Gesê: "Dit was aan hierdie kant, in 'n klipgebou wat 'n vleuel daaraan gehad het, en die gebou was net soos hierdie geplaas." En die—die seun is 'n dromer, ek het sy drome gesien en weet dat hulle waar is.

3 En hy het gesê—en hy het gesê: "Toe op die laaste aand," dat ek "gepreek en gebid het vir die siekes." En ek het gesê: "'Iets gaan gebeur.' En dit het geklink soos 'n donderslag." En gesê: "Die mense het begin skree." En gesê: "Soos die donder begin wegsterf het, wel," gesê: "het Dit 'n stem gemaak en begin praat." Gesê: "Daardie gepraat aan die gang was, dat die Heerlikheid van God inbeweeg het deur hierdie hortjies (vensters hierbo), in die vorm van die Vuurkolom." Hy het Dit nog nooit gesien nie. Hy het ons Daaroor hoor praat, maar hy het Dit nog nooit self gesien nie. En gesê: "Daar was Dit, deur die vensters opgekom soos daardie, en daardie Lig gevorm soos julle in die foto sien, reg bo die gehoor hier." En gesê: "Dit het iets afgerammel." En gesê, ek "het gestaan, en gesê: 'Daardie is Jehova God.'"

4 En gesê hy "was herinner aan (toe Daaraan gedink het) toe Moses geroep het . . . die volk uit Egipte uitgebring het. En hulle gesê het: 'Laat Moses spreek, en nie God nie, voor ons sterf.'"

5 Hy het gesê: "Almal het op die vloer gelê, hulle hande op, skreeuend." Gesê hy "het ook geskreeu: 'Here God, ek het U lief! Ek het U lief!'" En sy vrou het hom geskud en hom wakker gemaak.

6 Sien hom nou in die paadjie afgaan, Broer Jackson, 'n voormalige Metodiste prediker. En hy was so gesteurd, dat hy afgekom het; en gesê toe hy ingestap het, was hy "so verstom," net presies soos hy dit gesien het in 'n droom. Ek weet nie wat dit beteken nie. Die Here het dit weerhou van my. Maar iets kon gebeur, aangesien dat Broer Jackson dit gedroom het, ken hom as 'n eerlike, egte—egte man, dienaar van God.

7 En ek—ek weet van hom wat drome droom, na my toe kom, en die Here gee my 'n uitleg, sou dit net presies soos daardie wees. Selfs tot, eenkeer, my vertrek na Arizona, het hy die droom daarvan gehad.

8 En hy's baie gesteurd. Hy's saam met sy vrou, hy het haar gebring. Sy moet binnekort moeder wees, en die enigste manier wat hy kon gaan, is per vliegtuig. Hy het nie 'n pennie gehad om te kom nie, en iemand het vir hom die geld gegee. En so het dit soort van geheimsinniglik uitgewerk, so iets kan gebeur; ons hoop so. Ons weet net nie wat die Here vir ons sal voorsien nie.

9 Nou, ons is dankbaar teenoor die Here om te lewe in die dag waarin ons lewe, net voor die koms van Jesus. Soos ek tevore gesê het, dis die belangrikste tyd van alle geskiedenis. Ek sal liewer nou lewe as enige tyd, om . . . op aarde.

10 Ek sien hier voor ons, weer vanaand, is my goeie vriend, Broer Dauch. Ek het hom genoem in die ouditorium vanmôre. Broer Dauch is drie-en-negentig jaar oud vandag, hoe geseënd is dit. Hy skryf sy lang lewe toe aan die heerlikheid en prys van God, drie-en-negentig vandag. "Gelukkige verjaarsdag" aan jou, my broer! En ek weet buite, onder, oor die land waar hulle inluister vanaand, wens hulle ook Broer Bill Dauch 'n "gelukkige verjaarsdag." Hy's 'n baie persoonlike vriend van Oral Roberts, baie, het soveel gehelp in die Evangelie weg, en alles. Hy's 'n groot vriend van ons.

11 Bly om Broer Mann hier te sien, nog 'n Metodiste prediker, gered en gedoop met die Heilige Gees, en in die Naam van Jesus Christus, wat hier sit. Hy's, ook, een van ons medewerkers van Indiana. En ek verstaan Broer Hickerson sit hier langs hom, een van ons diakens van Jeffersonville, Indiana (hulle luister in daarbo vanaand). En ek verstaan dat Broer Wheeler, een van die ander diakens, hier iewers is. En ek–ek het hom nog nie opgespoor nie, iemand wat hulle vingers wys oorkant en ek sal hom oor 'n rukkie vang; wat oorkant sit, ver oorkant na die regterkant, ja.

Broer Banks Woods, as jy inluister vanaand, jou broer was hier gisteraand. Ek het hom gesien toe ek uitgegaan het, Broer Lyle. Jehova Getuie; die hele groep is bekeer. Lyle is ingebring as gevolg van 'n visioen van die Here.

12 Lyle het daardie dag in die boot gesit daar, toe die dag tevore dit vir hom vertel is “iets” sou “gebeur in verband met ’n opstanding van lewe.” Hy was ook ’n ware Jehova Getuie! Maar daardie oggend, daar gesit, aan die visvang, en hy het gevang. . .Wel, hy het ’n groot ou (daardie Kentucky manier, julle weet). . . ’n groot hoek en ’n klein, klein vissie het dit ingesluk. En hy het net kieue, binnegoed en alles uitgetrek, dit buite op die water gegooi (klein, klein sonvissie), en hy het gesê: “Wel, klein kêreltjie, jy het jou laaste asem uitgeblaas.” Die klein. . .rondgespartel op die water, gesterf, die wind het hom in ’n paar damlelies ingewaai.

13 En die dag van tevore, gesit, het ek gesê: “Die Heilige Gees sê my dat ‘daar ’n opstanding van ’n klein diertjie gaan wees.’ Miskien sal daar ’n—’n katjie wees wanneer ek by die huis kom, want net. . .”

14 Toe ons probeer het om ’n bietjie visaas te grawe, ek en Broer Woods, wat inluister vanaand, het my dogtertjie, wat ’n jong vrou is wat hier sit, verloof aan hierdie lenige soldaat (ek sien hom), het sy soontoe gekom, sy het gesê: “Pappa. . .” Sy en die ander meisietjie, gesê: “Ons. . .” Nou, enigiemand kan enige soort troeteldier hê wat hulle wil hê, maar ek hou beslis nie van ’n kat nie, so sy. . .of geen Branham nie. So ons. . .sy het gesê: “O, ons het ’n arme ou kat hierbuite gekry, Pappa. Dit het—dit—dit het iets geëet, en dis. . .iemand het dit vergiftig, dis heeltemal opgeswel.” Gesê: “Pappa, dit gaan sommer gou sterf, kan ons ’n dosie kry en dit vir ’n paar dae hou?”

15 Ek het gesê: “Laat ek die kat sien.” Wel, hulle het gegaan en die kat gekry. Ek het gesien wat gaan gebeur, so ek het haar ’n doos gegee. En volgende oggend, was omtrent sewe of agt katjies daar, julle weet. So my klein seuntjie, Joe, het een van hulle opgetel, en dit gedruk en dit op die grond laat val; en net—net. . .klein kêreltjie het daar gelê en om-en-om gekrul, dit doodgemaak.

16 En ek het vir Broer Lyle gesê, sy broer, ek het gesê: “Jy weet, dit mag wees dat dit daardie klein katjie is wat sal opstaan, soos ons die Here dinge sien doen het.”

17 Broer Lyle, net nuut in die weg. Die Heilige Gees het hom pas vertel hy was getroud, en wat hy gedoen het, en die kwaad wat hy gedoen het, die dinge wat hy gedoen het. Wel, hy het gedink Broer Banks het my daardie dinge vertel. Maar toe Dit hom reguit uitgebring het, en hom vertel het wat hy die aand tevore gedoen het, was dit–was dit te veel vir hom. Hy kon dit nie begryp nie.

18 Toe, die volgende oggend. . .Terwyl ons heelnag visgevang het, met klein vissies, ons het ’n paar gevang vir aas. Maar hy het net daardie klein vissie in die water gegooi, gebewe, omgedop. Omtrent ’n halfuur later het ons daar gesit, en ek

was. . .Ek het gesê: “Broer Lyle, jy het die vis die hoek die heelpad af in sy maag laat sluk. Sien?” Ek het gesê: “Neem die vlieglyn hier, gooi dit oor, die aas uit soos dié; net sodra hy dit raak,” het ek gesê: “hou hom dan net vas en bring hom dan in.” Ek het gesê: “Hy. . .moet hom nie uittrek soos daardie nie, dit nie insluk nie, vang jy die vis.”

19 Hy het gesê: “Wel. . .” Hy het ’n yslike, groot ou lyn gehad wat oorgehang het, gesê: “Dit is hoe ons dit doen,” soos daardie.

20 So, net omtrent daardie tyd, het ek Iets hoor afkom van die kruin van die berg daarbo, ’n warrelwind, wat om-en-om warrel. Hier het Dit afgekom soos daardie, en die Gees van God het oor die boot gekom, gesê: “Staan op jou voete.” Gesê: “Spreek tot daardie dooie vis. Sê: ‘Ek gee jou jou lewe terug.’”

21 En daardie klein vissie het daar gelê vir ’n halfuur, met sy binnegoed in sy mond, en sy kieue. Ek het gesê: “Klein vissie, Jesus Christus gee jou jou lewe terug. Lewe, in die Naam van Jesus Christus.” Omgedraai op sy rug, en af deur die water het hy gegaan, so vinnig as wat hy kon gaan.

22 Broer Lyle, is jy hier iewers? Ek–ek het jou gisteraand gesien. Of hy binnekant, buitekant, of waar hy is, steek jou hand op as ek jou kan sien. [Iemand in gemeente sê: “Balkon.”—Red.] Sê wat? In die bal-. . .O, ja, ver bo in die balkon, deur die vensters daaragter. Dis die man, ’n Jehova Getuie.

23 Hy het gesê: “Broer Branham!” Hy was heel opgewonde, hy het gesê: “Uh, dis—dis goed om hier te wees. Is dit nie?” Hy het gesê: “Uh–uh, dink jy—dink jy. . .Uh, dink jy dit het bedoel ek, daardie—daardie—daardie, dat ek daardie klein vissie genoem het, gesê het: ‘Jy het jou laaste asem uitgeblaas’?” Gesê: “Daardie—daardie—daardie iets vir my beteken het?”

24 Ek het gesê: “Nee, nee, net ’n bevestiging.” Hy was heel ontsteld daaroor.

25 Wel, ons gaan voort en jy sien daardie dinge gebeur, wetende. . .Nou, dink net, wat het dit gewys? Ek het menige klein spastiese kindjie op my gebedslys gehad, daarvoor gebid, maar toe die visioen gekom het, was dit vir ’n klein ou vissie, omtrent so lank, omtrent twee duim lank, of drie. Gelyk asof die hoek so groot was soos die vis. Maar wat dit was, was om jou te wys dat God ook na die klein dingetjies kyk. Sien?

26 Eendag toe melaatses oral oor die land gelê het, het Hy Sy krag gebruik en ’n vloek op ’n boom geplaas. Dit het begin verdroog, toe daar mense oral gelê het wat daardie genesingskrag nodig gehad het. Maar, julle sien, Hy wou wys Hy’s God oor alles, of dit klein is, of dit groot is, wat dit ook al is. Hy’s steeds God oor alle dinge, die hele skepping. So ons het Hom lief omdat. . .Dit–dit laat ons weet, as Hy geïnteresseerd

is om die Woord van lewe te spreek in 'n klein onbeduidende vissie, wat daar dood lê, op die water vir 'n halfuur, kan Hy beslis eendag Lewe in Sy kinders inspreek. Maak nie saak of jou liggaam niks meer as 'n lepel stof is nie, Hy sal spreek, en ons sal Hom eendag antwoord. Hy is God wat geïnteresseerd is in alles, alles wat ons doen, alles wat ons sê, alles. Hy's geïnteresseerd.

Nou laat ons oral ons hoofde buig:

27 Ek wonder nou, voor ons bid, of daar enigiemand is vanaand wat geïnteresseerd is in Hom, maar tog het jy nog nie jou besprekings vir die ander Land, waarnatoe ons gaan om Hom te sien nie. Jy weet, jy kan nie inkom sonder besprekings nie. En as julle nog nie gemaak het nie, maar jy onthou wil word in gebed nou, dat alles reggemaak sal word tussen jou en God vanaand, sal jy net jou hand opsteek; jy sal sê: "Onthou my, Here"? Jy is . . . laat Hom net jou hand sien. God, skenk dit.

28 Hemelse Vader, soos ons vanaand staan tussen die lewende en die dooie; en die dinge wat gebeur in hierdie dae, geheimsinnig, hulle is beslis geheimsinnig; maar God, U weet of hulle waar is of nie, U is die ernstige Regter van die hemele en aarde. En ons sê dit, Here, net om die mense te bemoedig (party van die dinge wat U ons gewys het), dat hulle bemoedig kan word om U lief te hê, U te glo, U te dien, en te weet dat maak nie saak hoe klein die daad, goed of sleg is nie, U dit sien. Ek bid, dierbare God, dat U elkeen van daardie hande sal seën, vanaand, en die siel en gees wat daardie hand gemotiveer het om op te gaan. En ek bid, God, dat hierdie die aand sal wees dat hulle besprekings gemaak sal word vir daardie Land oorkant die rivier. Skenk dit.

29 Genees die siekes en die beproefdes, Here, beide hier, oral buite oor die land waar die—die—die uitsending deur die telefone inkom. Seën diegene daarbuite wat ongered is, al die pad van Kalifornië na New York, van Kanada na Mexiko. Skenk dit, Here, dat elke persoon onder die klank van ons stem, vanaand, gered sal word van hulle sonde, genees van hulle siekte, as gevolg van U Goddelike Teenwoordigheid.

30 En hierdie ons Broer Jackson, wat al die pad afgevlieg het hierdie duisend myl hiernatoe, om hier te wees omdat iets vreemds sy hart ontroer het: "En hulle sal drome droom en visioene sien." Dierbare God, U het dit 'n geheim gehou vir my, wat hierdie beteken; ek weet nie. Maar as U ons sal besoek, Here, berei ons harte nou voor vir daardie besoek. Dat ons onder verwagtinge mag wees, onbekend met wat U sal doen, en onbekend of U belowe het om ons te besoek deur hierdie droom; ons weet nie. Maar ons haal—haal net daardie dinge aan wat ons wel verstaan, dat U belowe het om U mense te besoek, en ons bid dat U Uself werklik sal maak hier aan ons. In die Naam van Jesus Christus het ons dit gevra. Amen.

31 Nou, vanaand, nadat ek julle so lank gehou het gisteraand en vanmôre, en ek word soort van 'n klein bietjie hees. Ek het 'n klein stukkie hare wat ek het, wat ek oor my kaal kol *hier* dra wanneer ek preek. Maar ek het dit hierdie keer vergeet, en hierdie lug, wat deur hierdie vensters trek, het begin om my 'n—'n klein bietjie heesheid te gee. Ek moes altyd. . .ek moes dienste sluit, maar sedert ek dit gekry het, dan doen ek dit nie meer nie, ek gaan net aan. En ek het dit vergeet, en dis. . . Ek het. . .kan dit soort van voel, so julle gebede sal waardeer word. En nou, hierdie is twee dienste elke dag, wat hulle is. . . word soort van. . .Julle weet, wanneer jy 'n klomp myle het, dit. . .kan jy dit sê.

32 So nou aan julle mense in Kalifornië, en buite in Arizona, ons almal stuur groete regoor die volk. Broer Leo en die groep wat wag op die Here by Prescott, nou uitgenooi, en al julle mense rondom Phoenix, 'n week van vanaand af, moet ons oorkant wees in Yuma, by die ete. Hulle het klaar al hulle kaartjies daar oorkant uitverkoop en 'n groter ouditorium gekry, en hulle kan nie die mense plaas nie. So kom vroeg, julle almal, om—om in te kom. Dan gaan ons voort na Los Angeles van daar af, volgende Maandag. . .volgende Sondag, Sondagaand. En so sien ons uit om julle almal daar te sien. God se rykste seëninge rus op julle almal.

33 Aan julle in New York, en julle wat bo rondom in Ohio en verskillende plekke is, binnekort wil ek die boodskap preek van *Die Spoor Van Die Slang* (die dier aan die begin, en die dier aan die einde), by die Tabernakel. Billy sal vir julle 'n nota daarvoor stuur, wanneer ons dit gaan preek, want ek doen dit in die Tabernakel, want dit sal, ten minste, vier uur of langer wees.

34 So nou. . .so ek wil hê julle hier, hier en waar julle ook al nou is, moet blaai na die Boek van Job. Baie snaakse Boek om uit te preek, maar ek wil net 'n paar notas nou hier gebruik.

35 En dan, môre-oggend, hier by die tabernakel, sal daar Sondagskooldienste wees om. . .Ons begin hier om watter tyd? ['n Man sê: "Nege-dertig."—Red.] Nege-dertig. En dan het ek die voorreg om weer môre hier te preek. En as die Here wil, wil ek praat oor die onderwerp. . .as Hy gewillig is, nou, soos ek gestudeer het vanmiddag, om julle te wys dat: "Daar slegs een plek is wat God 'n aanbidder sal ontmoet." Uh-huh, slegs. . . En—en kan julle sê wat daardie plek is, en wat die Naam van daardie plek is, waar God die aanbidder sal ontmoet.

36 En dan, môre-aand, gaan ek 'n guns vra, dit is, vir 'n genesingsdiens. En ek—ek wil 'n outydse genesingsdiens hê. En as die Here wil, wil ek praat oor 'n onderwerp wat my vandag ontstel het. . .Toe ek en Broer Moore daarbuite gepraat het, my dierbare broers, het ons Skrifte bespreek. En hoe lieflik was dit om saam met daardie broers te wees, soos ou tye. En hy het

gesê: "Jy weet, Broer Branham, al die prediking wat jy ooit vir ons gedoen het hier in Shreveport, was *Die Lam en die Duif* een van die mees besondere boodskappe wat jy ooit vir ons hier by Shreveport gebring het." Gesê: "Ek reken met jou Boodskap so moeisaam vir jou vandag, kom jy nooit by een soos daardie nie."

37 "Wanneer ek Daardie mis, mis ek my Boodskap." Liefde is my. . .

> Dierbare sterwende Lam, U die kosbare Bloed
> Sal nooit sy krag verloor nie,
> Totdat al die vrygekoopte kerk van God
> Gered sal wees, om nie meer te sondig nie.
>
> Vandat, deur geloof, ek daardie stroom gesien het
> Wat U vloeiende wonde voorsien het,
> Was verlossingsliefde my tema,
> En sal wees totdat ek sterf.

38 Môre-aand, as dit die wil van die Here is, wil ek preek oor 'n onderwerp van: *Op Die Vlerke Van 'N Sneeu-wit Duif*. Môre-aand: "Die Here wat afkom op die vlerke van 'n Duif," dit is, as die Here wil, my stem nie te sleg word nie. Nou. . .so, bid vir ons.

39 En dan wil ek 'n outydse biduur hê soos ons gehad het aan die begin, geen onderskeiding nie, net eenvoudig vir elkeen 'n kaart gee wat voor gebid wil word. Nou, jy moet 'n kaart hê, so wees vroeg hier, sodat Billy vir jou 'n kaart kan gee en dit opgelyn kan word. As jy nie dit doen nie, bly mense net aan die omdraai, en omdraai, en omdraai, en daar's geen einde aan die ry nie. Enigiemand kan 'n kaart kry. Ek wil hê Broer Jack moet by my staan, by die gebedsry, soos jy altyd het, en Broer Brown om die mense na my toe te bring, in plaas van Billy Paul. Ek—ek—ek—ek wil—ek wil 'n outydse gebedsry hê, en ons sal net bid soos ons altyd het jare gelede.

40 Ek is bly om vanaand nog 'n medebroer by ons te hê, net omgekyk en toe herken en hom gesien, 'n paar minute gelede, Broer Gordon Lindsay. Hy is een van die oues, was 'n lang tyd gelede saam met ons. Doen 'n groot werk, druk, hy druk my boek nou: *Die—Die Sewe Kerkeeue*. Ons hoop om dit weer gereed te hê, *Die Sewe Seëls*. As hy dit dalk lees voordat hy dit druk, gaan ons 'n teologiese bespreking hê. Ek kan dit net voel kom. Maar hy weet ek is geen teoloog nie. So. . .Maar ons sien uit na môre-aand. As jy hier is, Broer Lindsay, wees hier môre-aand. As jy is, kom verby en wees saam met ons op die platvorm vir 'n outydse gebedsdiens.

41 Hoeveel wil graag een van daardie oues weer sien, waar ons die mense vorentoe bring? Dit sal gaaf wees. Nou, bring julle siekes en beproefdes uit, môre-aand, vir daardie doel dan.

42 Nou, as julle die Boek van Job het, die 42ste vers. . . of die 42ste hoofstuk, en die eerste ses verse van die 42ste hoofstuk van Job; baie vreemd. Broer Ted Dudley, as jy inluister vanaand, oorkant in Phoenix, jy onthou ek en jy het eenkeer gepraat, omtrent 'n week of twee gelede, en ons het hierna verwys? Ek het vir jou gesê: "Eendag sal dit 'n teks word vir my." En ek wil dit vanaand gebruik:

> *Toe* antwoord. . .
>
> *Toe het Job die Here geantwoord en gesê:*

Luister nou aandagtig na hierdie voorlesing.

> *Ek weet dat U alles kan doen en geen twyfel vir U onuitvoerbaar is nie.*
>
> *Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie.*
>
> *Hoor tog, en ek sal spreek; ek sal U ondervra en onderrig U my!*
>
> *Volgens hoorsê het ek van U gehoor, maar nou het my oog U gesien.*
>
> *Daarom herroep ek en het berou in stof en as.*

43 Nou wil ek 'n teks neem uit daardie 5de vers:

> *Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien.*

Mag die Here Sy Woord seën.

44 Job, laat ons 'n bietjie van sy lewe neem. Job was 'n profeet. Hy was 'n man wat gelewe het destyds voor die Bybel geskryf is. Daar is gedink dat Job een van die oudste boeke van die Bybel is, omdat Dit geskryf is voor Génesis geskryf is. Job, hierdie groot stryder en profeet, was 'n—'n magtige man in sy dag. Sonder twyfel is hy grootgemaak en het die Here al die dae van sy lewe gedien. En het so 'n dapper lewe gelei teenoor die mense, dat almal respek vir hom gehad het.

45 Maar hy het gekom by 'n punt waar hy dit hier noem, om *versoek* te word deur die Here. Maar ek wil graag die woord gebruik, om "getoets" te word deur die Here. En waarlik: "Moet elke seun wat na God toe kom eers getoets, beproef, as 'n kind opgelei word." En dan, wanneer die beproewing moeilik word, en ons dink dis te moeilik en wil nie luister (ag gee) nie, dan het Hy gesê word "ons 'n buite-egtelike kind, en nie 'n kind van God nie." Want, daar's niks wat 'n ware, wedergebore kind van God kan wegbeweeg van sy Ouer nie, sien, hy's deel van Hom. Jy kan dit net so min ontken, as wat jy jouself kan ontken. Sien, jy het die ondervinding gehad, jy is opgelei en beproef.

46 En nou, hierdie man wat ’n profeet was, hy het toegang gehad tot God se genade, maar Job het nie ’n Bybel gehad om te lees nie. Hy. . . die Bybel was nie toe geskryf nie, maar hy het toegang tot God gehad deur openbaring en deur visioen. Dit was voor die Bybel geskryf is.

47 Nou, vind ons uit, en neem bietjie van sy lewe, toe God hom geseën het en hom ’n belangrike man gemaak het. Tog, selfs almal het hom gerespekteer, selfs tot sy wysheid, het so belangrik geword. Sy inspirasie van God het hom bevestig as God se dienaar, so duidelik, dat die mense van oraloor gekom het om na hom te luister. En toe het Satan begin om daardie man aan te kla. En dis hoe hy maak met elke geïnspireerde dienaar van God, Satan is altyd daar om hom aan te kla van alles wat hy doen wat nie reg is nie.

48 En, nou, vind ons uit sy lewe en beproewinge, en sy groot geloof. Selfs Jesus, toe Hy op aarde gekom het, het Hy verwys na die geduld van Job. Hy het gesê: “Het julle nie gelees van die geduld van Job nie?” Geloof wag met geduld vir die beloofde Woord om vervul te word.

49 Nou, ons let hier op dat Job, nadat hy deur sy beproewinge gegaan het, al sy kastydings. . .Hy het ’n pragtige familie gehad, hulle is weggeneem van hom. Hy het goeie gesondheid gehad, dit is weggeneem van hom. Alles wat hy in hierdie lewe besit het, is weggeneem. En hy het gesit op ’n ashoop, met ’n potskerf, en sy sere gekrap. En selfs tot sy eie vrou, het teen hom gepraat, sy het gesê: “Hoekom nie God vloek, en sterf nie?”

50 Hy het gesê: “Jy praat soos ’n dwase vrou.” Hy het gesê: “Die Here het gegee, en die Here het weggeneem, geseënd sy die Naam van die Here!”

51 Nou, Satan het opgekom voor God, want hy kon voor God kom, en die Christene aangekla (of, die gelowiges) die heeltyd. So hy het Job van baie dinge aangekla, en gesê dat “Job, die rede waarom hy God kon dien, omdat alles goed vir hom uitgewerk het.” Maar gesê: “As U my hom net sal laat kry, in my hande, sal ek hom U laat vloek in U gesig.”

52 Ek wil hê julle moet oplet dat die vertroue wat God in ’n gelowige gehad het. Sien? Hy’s. . .Met ander woorde, God het vir Job gesê. . .of vir Satan gesê, soos hierdie: “Jy kan dit nie doen nie! Hy’s ’n regverdige man geregverdig. Hy’s ’n goeie man. Hy. . .daar’s nie een soos hy op die hele aarde nie.” O, wat ’n man; dat God Self aan Sy vyand sou sê: “My dienaar is so volmaak, daar’s nie nog ’n man soos hy op aarde nie.” O! As ons net so ’n man soos daardie kon wees! Dat God daardie vertroue in ons kon plaas! Te weet dat ons nie sal wegdraai van Sy Woord of Sy Wese, op enige manier nie! Presies bly, en Hy Sy vertroue in ons kan plaas.

53 Nou, Job was ’n man wat God se gebooie uitgevoer het tot die letter, presies. En Satan het dit geweet, maar hy het gesê: “As U hom net vir my sal gee, sal ek hom U laat vloek in U gesig.”

54 So God het vir hom gesê, Hy het gesê: “Nou, hy’s in jou hande, maar moet jy nie sy lewe neem nie.” En Satan het selfs so ver daarop gestrek as wat hy kon. Hy het elke vriend geneem, en alles wat hy gehad het, amper sy hele lewe, maar hy kon nie sy lewe neem nie. Maar Job het steeds vasgehou, daar was geen terugdraai nie.

55 Julle sien, wanneer ’n man of ’n persoon eenkeer regtig in kontak gekom het met God, met daardie egte, geopenbaarde geloof dat “God is!” Daar is niks, geen tyd, nêrens, wat daardie man ooit van sy God kan skei nie. Ek dink dit was Paulus wat gesê het: “Daar’s geen stryd, geen honger, geen gevare, nie lewende wesens, of dood, of enigiets wat ons kan skei van die liefde van God wat in Christus Jesus is nie.” Jy is veilig geanker in Hom, omdat jy verordineer was tot daardie Lewe.

56 Maar Satan het gedink hy kan hom ’n bietjie ronddraai, en hom rondklap, en hom dit laat doen. Maar, julle sien, Job met sy volmaakte openbaring van God, en wie God was, en hoe God hom liefgehad het, hy het gewag! Maak nie saak wat die omstandighede was nie, hy het gewag vir sy geloof om bevestig te word, omdat hy ’n greep op God gehad het, ’n openbaring. Ek het gisteraand daarvan gepraat.

57 Nou, wanneer die siek mense wat in die gebou is, die kreupel mense, of julle wat ’n behoefte aan God het, wanneer julle daardie tipe openbaring kan kry dat julle “geregverdig is,” wanneer julle in werklikheid geregverdig is, om die ding te vra waarvoor julle vra, en glo dat “Hy ’n beloner is van diegene wat ywerig na Hom soek,” is daar niks wat jou ooit kan skei van daardie geloof wat in jou geanker is nie. Sien? Maar eers, moet dit geopenbaar word aan jou.

58 Iemand het nie lank gelede nie gekom, ’n groep manne, party van hulle wat inluister vanaand, en vir my gesê, gesê. . .Ek het hulle bly sê: “Gaan na Kentucky, daar’s olie daaronder.” Ek het geweet dit was, ek het dit in ’n visioen gesien.

59 Wel, Broer Demos en hulle het nie gegaan vir ’n lang tyd nie. Naderhand, uiteindelik, het hulle gesê. . .Nadat Texas inbeweeg het. En hulle het gesê: “Nou gaan ons af.”

60 Ek het gesê: “Julle behoort ’n lang tyd gelede te gegaan het.” Maar hulle het dit nie gedoen nie.

61 Demos het gesê: “Ek het ’n groot fout gemaak daarmee, deur dit nie te doen nie, Broer Branham.”

62 Ek het gesê: "As jy soontoe sou gegaan het, sou jy dit alles gehad het."

63 Wel, hulle wou nie daarna luister nie. Toe die eerste . . . toe, voor ons vertrek het daardie aand . . . Die—die plek waar ons die middagete gehad het. Die Heilige Gees het vir my 'n groot kraak in die aarde gewys, en daarin was vol olie, en hierdie oorvloeïngs in Kentucky was net klein beddinkies olie waaruit hulle gepomp het, maar hierdie een het uit die hoofstroom gekom. En ek het gesê: "Broer Demos, dis daar."

64 So hulle het gaan soek daarna. Gesê: "Gaan af en sê ons waar die—waar die oliebron is."

65 Ek het gesê: "O, nee! Nee! Nee!"

66 Sien, ons gebruik nie die gawe van God vir handeldryf nie. Nee! Nee! Hy kon my gesê het waar dit was, maar ek het nie enige behoefte daaraan nie. Ek sou nie eens genoeg geloof hê om Hom te vra nie. Sien? As ek 'n behoefte daaraan gehad het, glo ek, as ek Hom sou vra, sou Hy my vertel. Maar eerstens, julle sien, moet julle motiewe en doel reg wees. Jy moet redes hiervoor hê. God gee nie daardie dinge vir jou net omdat jy vra nie. En jy kan nie in geloof vra, behalwe as daar 'n ware doel daarvoor is, om in die wil van God te wees nie. Sien, as jy wil gesond wees, waarvoor wil jy gesond wees? Sien, as jy genees wil word, wat is die rede waarvoor jy genees wil word? Wat sê jy vir God? Wat wil jy met jou lewe maak wanneer jy genees word? Sien, daar moet wees . . . jy moet 'n motief en 'n doel hê, en hulle moet reg wees volgens die wil van God. En dan, wanneer die geloof aan jou geopenbaar is, en God deur Sy soewereine genade daardie geloof daarin plaas, dan is dit verby. Sien? Sien nou?

67 Nou, om daardie Woord waar te maak, toe die broers daaronder gekom het, het hulle gekry . . . het een kêrel oorgegaan en 'n klomp goed gekoop en verbande verkoop, en die ander een op hierdie manier bedrieg. Ek het gesê: "Jy sien, dit sal nie werk nie." Nou net om die *profesie* te bevestig, binne 'n honderd jaarts van waar hierdie manne hulle put gegrawe het, het 'n man die groot spuitbron getref. En dis daar, elfhonderd vate olie in 'n halfdag, of iets of anders soos daardie; sit dit steeds uit, reg in daardie hoofstroom. Maar net om die profesie te maak, die Woord wat gesê het dat dit daar was, dit was daar. Die res van hulle het omtrent almal opgedroog, oral deur Kentucky. Klein poeletjies, hulle pomp hulle 'n klein tydjie en hulle gaan. Dis slegs die oorvloei van *hierdie*. Sien?

68 Maar, as gevolg van die selfsug wat onder hulle gekom het, die doel was verkeerd, 'n klomp goed geteken "dit sou *so* wees," terwyl hulle belowe het dat hulle dit sou doen vir die Koninkryk van God, maar lyk asof dit vir hulleself was. Sien?

69 En dit sal nie werk nie, geen selfsugtige ding sal werk nie. Jou motiewe en doel moet presies, perfek reg wees, dan het jy geloof, om te vra. “As ons harte ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid.” Sien? Sien, ons moet vrymoedigheid hê. “Ek wil hierdie hê tot die eer en heerlikheid van God.” Dan het geloof ’n—’n kanaal om in te beweeg; as dit nie het nie, dan het jy verstandelike, intellektuele geloof, en nie ware geloof van God nie. Daardie intellektuele geloof sal jou nêrens bring nie. Mag jou emosioneel laat raak, maar dit sal jou nie die genesing gee waarna jy soek nie.

70 So, Job, wat homself nagegaan het met die egte geloof, wat God hom gegee het, dat hy “regverdig” was, dat hy alles gedoen het wat God van hom verwag het om te doen. Nou wanneer daar vir ons gebid gaan word, vir ons siekte, wonder ek of ons alles gedoen het wat God van ons verwag om te doen. Het ons elke jota van die Skrif gevolg? Het ons Hom ons harte en lewens vir diens gegee? Wat is die rede waarom jy genees wil word? Dis die rede waarom jy nie genoeg geloof kan kry nie, sien, omdat jy miskien nie hierdie ding opreg aan God gedoen het uit jou hart nie. Soos Hiskía het, God die rede gegee, hy wou sy—sy koninkryk in orde kry. En God het Sy profeet teruggestuur en vir hom gesê, en hy sou genees word. Sien? Maar, jy moet eers daardie dinge reggemaak hê.

71 En dan, sodra jy hierdie plekke kry, en weet dat dit geopenbaar is aan jou deur die Woord van God, deur die openbaring, deur die Woord wat God van jou verwag om te doen, dan het jy geloof, ware geloof.

72 Nou, net soos Abraham, toe hy nege-en-negentig jaar oud was. Ek dink Génesis 17. God het aan hierdie ou man verskyn, nou, nege-en-negentig jaar oud, toe hy amper ’n honderd jaar oud was, wat op daardie belofte gewag het al hierdie jare. Hy het aan hom verskyn in die Naam van *El Shaddai*, die “Een met die Borste.” En wat ’n aanmoediging was dit, tog was die belofte toe nog nie vervul nie. Maar: “Abraham, Ek is die Almagtige God, *El Shaddai*: ‘die Kraggewer, die God met die Borste.’”

73 Soos ek julle tevore gesê het, soos die klein babatjie wat knieserig is, en siek, en huil, en dit lê op sy ma se bors. En dit drink sy krag terug uit haar, want dis bevredig wanneer dit drink, want die enigste toegang wat dit het en van weet, is die moeder se bors. Dit ken geen dosis medisyne nie. Jy mag hom ’n dosis medisyne gee, hy sal skree en huil. Gee hom ’n inspuiting in die arm, en hy sal aangaan. Maar die enigste toegang wat hom sal bevredig, is die moeder se bors.

74 En Hy het gesê: “Abraham, jy’s oud, jou krag is weg, jou arms is opgedroog, jou manlikheid is weg, maar ek is jou Moeder. Kry net My belofte beet, en wees bevredig terwyl jy wag. Rus!”

75 Nou, dis hoe elke gelowige, maak nie saak hoe sleg die kanker jou het, hoe lank jy in 'n rystoel gesit het, enige van daardie dinge nie, as jy net daardie openbaring van God kan aangryp! Dan tevrede kan wees, in die wete dat dit gaan gebeur, want geloof wag geduldig vir die belofte. Sien?

76 Job het geweet hy was reg. Wanneer ons utvind, hier in die Skrifte, dat daar was. . .hierdie kêrels het na hom toe gekom; sy kerklidmate. Alles wat eenmaal kosbaar was vir hom, het teen hom gedraai, en het hom probeer beskuldig dat hy 'n geheime sondaar is, as gevolg van al hierdie dinge wat met hom gebeur het. Jy hoor mense, steeds vandag, sê: "Ek het jou gesê. Kyk na hom! Jy sien wat. . .?" Dit is nie heeltemal die waarheid nie. Partykeer is dit God wat Sy mense toets. In hierdie geval, was dit God wat Job getoets het, die beste man wat daar op die aarde was op daardie tydstip. Nou, Hy het hom toe gehou, want Hy het geweet Job was 'n profeet wat 'n visioen gehad het van God, dat hy presies gedoen het wat God vir hom gesê het om te doen, en hy. . .God was eershalwe verplig om Sy belofte aan hom te hou.

77 O! Alle Christene moet dit wees. Wanneer die laaste stryd van ons lewe kom, en doodsroggels in ons keel is, moet ons steeds standvastig bly en onthou dat God gesê het: "Ek sal jou weer oprig op die laaste dag." Sien? Moet daardie–daardie hou, ons getuienis, ons plek in Christus, ons posisie, wat ons is, in die wete dat ons elke Woord van Sy gebooie onderhou het. "Geseënd is hulle wat Sy gebooie doen, dat hulle die reg mag hê om in te gaan." Sien? En wanneer ons weet, dat maak nie saak wat enigiemand gesê het nie, ons elke gebod onderhou het wat ons in die Bybel sien, dat God ons gemaak het. . .ons vertel het om te doen, met eerbied, en liefde, en respek teenoor die Skepper, Wie die Bybel geskryf het.

78 Ons sê: "Die mens het Dit geskryf."

79 "Manne van ouds, beweeg deur die Heilige Gees, het Dit geskryf." Sien? Sien, God het Dit geskryf deur die mens. Soos 'n profeet Sy Woord spreek, dis nie die profeet se woord nie, dis God se Woord, sien, deur die profeet. Dis waarom Dit moet gebeur, as dit waarlik die Waarheid is.

80 Nou, ons sien hierdie groot man. En, onthou, Job het geen Bybel gehad om in sy dag te lees nie. Nee! Hy het slegs gegaan deur inspirasie. Hy was 'n profeet na wie die Woord van die Here gekom het. Hy moes—hy moes slegs geïnspireer word, want hy het sy posisie geken dat hy God se profeet was. Nou, die enigste ding wat moes gebeur, was vir die inspirasie om hom te tref. En toe het hy geweet wat hy gesê het, sou gebeur, want dit was deur inspirasie.

81 Dis wat die kerk, as dit in orde is (in orde gestel is), dit net. . .dit die meganika gereed het, dit het dan slegs die

dinamika nodig. Vanaand, as ons die meganika sal gereed kry, ons harte sal regkry, die dinge wat ons kan doen, elke Woord volg, Hom volg in die doop, Hom volg in elke opdrag, wat Hy ons gesê het om te doen, elke meganika gereed kry, en daar staan; dan is ons gereed vir die dinamika om losgemaak te word, en net God kan dit doen; en dis om in jou hart daardie geloof te laat val, wat sê: "Ek is nou genees." Maak dan geen verskil wat omstandighede is nie, jy's in elk geval genees; want dis geloof, deur geloof is jy genees.

82 Hy het 'n kommunikasie kanaal na God gehad, wat hy gekry het deur inspirasie. Hy het 'n manier gekry om homself uit te beweeg, en God te laat inbeweeg. En hy het geweet hy was geregverdig. Dit was 'n gawe, dit was 'n gawe vir die mense; nie vir Job nie, maar vir die mense. Dis waarvoor alle Goddelike gawes is, om God se mense mee te bedien. Almal word nie beveel om 'n profeet te wees nie. Almal van julle nie...is nie beveel om vir die siekes te bid nie. Almal van hulle word nie beveel om pastore te wees, ensovoorts nie. Maar dis 'n kanaal wat God oopgemaak het vir hulle. En selfs soos ons vanmôre gehad het in die les, dat hy...Een man het geen besigheid om af te wyk in die volgende man se kanaal nie, maak nie saak hoe geïnspireerd, hoeveel dit lyk, hoe goed... Hoeveel was by die diens vanmôre? Laat ons julle hand sien. Sien? Sien, jy kan nie.

83 Daar's Dawid, net so geïnspireerd as hy kon wees, al die mense wat skree en God verheerlik, vir 'n rede wat presies Skriftuurlik gelyk het, maar hy was die verkeerde persoon. Daardie inspirasie moes na Natan gekom het, nie Dawid nie. Sien, hy het nooit eens vir Natan geraadpleeg nie. Julle sien wat gebeur het? Sien, ons het...God het gesê Hy "doen niks totdat Hy Dit aan Sy dienaars, die profete, openbaar nie."

84 En Job was hierdie profeet in hierdie dag. Nou, enigste ding wat God met Job gedoen het: Wat hom altyd wysheid en Sy Woord en inspirasie gegee het, hy kon geen inspirasie kry nie. Maar hy het geweet al sy meganika (hy het die brandoffer geoffer, hy het alles gedoen wat hy geweet het reg was), maar hy kon nie 'n woord van God kry nie. Maar die Duiwel kon hom nie beweeg nie! Daar het julle dit.

85 Nou, daar is jy wanneer jy voor gebid is. Jy hoef nie weer deur 'n ry te hardloop, of gaan dat iemand anders vir jou bid nie. Wanneer jy weet jy het presies gedoen wat God vir jou gesê het om te doen, sien, wag dan vir daardie kanaal van inspirasie om oop te gaan vir jou en "Nou is ek genees!" Wanneer dit daar inval, dan is dit alles verby. O, jy het geen gebedsrye meer nodig nie, niks anders nie, dis verby! Dis aan jou geopenbaar! Sien?

86 Net soos die ou profeet by die koms van die Here Jesus, vind ons uit dit was aan hom geopenbaar, die ou wyse, dat "hy

nie die dood sou sien, totdat hy nie die Here se Christus gesien het nie." En hy het Dit geglo, en hy het Daarvoor gewag. En die mense het gedink hy was mal, die ou man het sy verstand verloor. Maar hy het Dit steeds geglo! Niks kon hom Daaruit skud nie, hy het geweet God het Dit aan hom geopenbaar, want die Bybel het gesê: "Dit was aan hom geopenbaar deur die Heilige Gees."

87 Simeon wat in die Tempel ingekom het op daardie oomblik, het oorgestap en God geprys, en gesê: "Laat U dienaar gaan in vrede." Toe hy die baba opgetel het: "My oë het U verlossing gesien." Sien, hy het geweet hy gaan Dit sien. Maak nie saak hoeveel babas hy elke dag besoek het nie, hy het geweet dat God aan hom geopenbaar het, dat hy die Christus sou sien voordat hy sou sterf. Simeon het dit geglo.

88 Nou wanneer dit aan *julle* geopenbaar is, dat julle self God se belofte ontvang het; die inspirasie, julle as Christene, dit julle getref het, het julle nie eens 'n gebedsry nodig nie. Die ding. . .die enigste ding wat jy nodig het, is 'n oop hart, wanneer al die meganika gereed is, en laat die inspirasie inval, en dan kan niks jou van gedagte laat verander nie; jy het dit. Buiten dit, sal dit niks help nie.

89 Nou let op, Job het 'n kanaal van inspirasie nodig gehad, hy het dit oopgehad. Hy het 'n kanaal gehad om te kommunikeer met God, deur Sy inspirasie. Hy het 'n manier gehad om homself te laat uitbeweeg en die Woord van God te laat inbeweeg. Let op hoe hulle—hoe hulle hom kom raadpleeg het uit die Ooste en uit die Weste, mense wat na hom gesoek het, omdat hulle geweet het, wat Job gesê het, was die Waarheid. Hulle het geweet daardie man het die Waarheid vertel. Want, wat hy geprofeteer het, dis wat gebeur het! En so het mense uit die Ooste en Weste gekom.

90 Hy het gesê hy sou oorgaan na die markte, die jong prinse van die Ooste sou voor hom buig, net om een woord van troos van hom te hoor, sy groot en magtige wysheid, omdat hulle geweet het die man was eerlik. Hy wou nie homself verhef nie, hy het geen geskille gehad om te besleg, geen toutjies om te trek nie, hy was net 'n eerlike profeet voor God. En hulle het vertroue in hom gehad, en almal het uit die Ooste en Weste gekom net om met hom in 'n oomblik te praat. Hy word van gepraat, in die Bybel hier. Maar, julle sien, hy het inspirasie gekort, om vir hom te sê waaroor dit alles gegaan het. God het dit laat gebeur, het hom nie gesê nie.

91 Toe, eendag, vind ons uit dat daarin, dis die tyd wat. . . Almal, solank as jy hulle kan help: "Goed." Maar wanneer hulle wil verskil van jou, dis wanneer probleme inkom. Maar hy alleen het geweet hy was reg; sy polsslag van geloof, deur God se Woord met hom te hoor praat, hy het geweet Dit was die Waarheid. Ja,

meneer! Hy het God se Stem geken. Niemand kon hom Daaroor mislei nie, want hy het Dit geken. Dit. . . Maar wanneer jy ook al. . . iets aan jou geopenbaar word, miskien teenstrydig met wat die mense dink. . . Nou, ek praat in die lyn van profete. Wanneer dit God is wat iets openbaar, wat, as daar ooit 'n verborgenheid is wat uit God uitkom, om bekend gemaak te word aan die mense, sal dit nooit deur 'n kweekskool kom nie, sal dit nooit deur 'n groep mense kom nie, dit het nooit. Dit sal altyd, het, en sal, deur een indiwidu, 'n profeet! Amos 3:7, sien: "Die Here doen niks as Hy Dit nie eers openbaar deur Sy profete nie."

92 En, nou, Job het iets verkeerd gehad met hom, maar hy kon nie die inspirasie op hom kry nie, en dit het hom bekommer, en dit. . . wanneer jy in daardie soort probleem beland, dis wanneer die vyand in elke vriend inbeweeg, amper, wat jy het. En hulle het hom begin beskuldig. O, dit moes 'n verskriklike ding gewees het vir hom om te weet sy vriende wat hom beskuldig het, Satan gaan dan en sluit hom aan by die vyand. Dis wanneer Satan inkom: "Laat my hom kry, en ek sal hom U laat vloek in U. . . Ek sal hom sy Boodskap laat ontken. Ek sal hom U laat vloek. Ek sal hom laat teruggaan en sê: 'Dit was alles verkeerd.'" Toe het hy hom beproef met alles wat hy kon, met al die belangrike manne en die vriende wat hy altyd gehad het. Maar Job het platvoet gestaan, want hy het geweet hy het God se Stem gehoor!

93 O God, help, môre-aand, dat ek daardie *Vlerke Van 'N Duif* kan kry. Sien, ek het die Stem van God gehoor wat iets gesê het, en dit gaan so gebeur! Net dieselfde soos hierdie ander dinge gebeur het, gaan dit gebeur!

94 Nou, Job het geweet dit gaan gebeur. En hy het geweet dat God dit hom gesê het, dat hy "regverdig" was. Maar hulle het hom 'n sondaar gemaak, so hy het toe gewag vir die inspirasie. Satan wat in al die—die mense ingekom het, en hy het verbygekom die. . . sy troosters, die sogenaamde, en hom beskuldig, maar dit het hom glad nie beweeg nie. Maar toe die Woord van God bevestig is aan hom. . . Hy het van God gehoor deur die gehoor van die oor, maar eendag aan die sit op sy laagste punt. . . En terwyl hy daar gesit het, en almal hom beskuldig het, selfs sy vrou vir hom gesê het hy was "verkeerd," het hy sy sere gekrap. En Elihu het afgekom en hom bestraf omdat hy selfsugtig was, oor die manier wat hy God beskuldig het ensovoorts.

95 En toe op daardie tydstip was dit toe inspirasie hom getref het, dis toe die weerlig begin flits het, die donderslae begin brul het, dis toe die inspirasie die profeet getref het, en hy het opgestaan, en hy het gesê: "Ek weet my Verlosser lewe! En op die laaste dag sal Hy op hierdie aarde staan. Hoewel die velwurms hierdie liggaam vernietig, tog, in my vlees sal ek God sien, Wie ek self sal sien."

96 Hy het gesien...Hy het gepraat oor die bome, die botaniese lewe, hoe dit sterf en weer lewe; water dit weer terugbring, die reuk van water, die geur van water, die gevolge van water wat op 'n boom val of iets, 'n saad wat in die grond ingegaan het. Hy het gesê: "Maar 'n mens gaan lê en gee die gees op, sy kinders kom om eerbied te betoon, en hy weet dit nie. O, dat U my sal wegsteek in die graf" (Job 14) "totdat U oordeel verby is." Hy het gesê: "Maar as 'n mens sterf, sal hy weer lewe? Al die vasgestelde tye van my lewe, sal ek wag totdat my verandering kom. U sal my roep, en ek sal antwoord. U het my grense bepaal waaroor ek nie kan gaan nie," sovoorts. Hy het al hierdie dinge geweet. Hy het die boom sien lewe, maar wat het gebeur met 'n mens wanneer hy gesterf het? Hy het nie weer opgestaan nie. So, God het vir hom hierdie Verlosser gewys.

97 Hy wou kyk of daar iemand was wat vir hom kon voorspraak maak. Hy het voorspraak gemaak vir soveel mense, maar is daar nou iemand wat vir hom kan spreek? Kon daar iemand sy hand op Job sit, of op 'n sondige mens en 'n heilige God, en die weg oorbrug? Kon hy na Sy huis toe gaan en aan die deur klop? Sou Hy die deur oopmaak en 'n rukkie met hom praat?

98 Maar, toe, toe die inspirasie in sy hart geval het, toe kon hy God sien. Die weerlig wat geflits het, die donders wat gebrul het. En toe dit het, het hy op sy voete gestaan, en het hy gesê: "Ek weet my Verlosser lewe! My Verlosser, en op die laaste dae sal Hy op die aarde staan." Sien, hy het begin om God se reaksie op sy geloof te sien.

99 Nou, ons wonder of ons God kan sien. Is daar 'n manier hoe ons Hom kan sien? Nou, dit was die enigste manier wat God gehad het, om Job te beproef. Hy het gesê: "Ek het van U gehoor, met die gehoor van die oor, maar nou sien ek U. Maar nou sien ek U, met my oë." Die visioen van die onsigbare, is duidelik gemaak. Hy het die wolk sien rondrol, hy het die flits van die weerlig gehoor, of dit gesien. En die gebrul van die donder gesien, miskien op 'n helder dag, en gesien God was in daardie wolk en in daardie weerlig. Hy kon God sien, met sy natuurlike oog. Sien, want, die onsigbare was sigbaar gemaak. Die sigbare visioen van andere was toe bevestig, helder, aan die natuurlike oog.

100 Net soos geloof met werke, soos ons gisteraand van gepraat het. Abraham, geen...het ook geen Bybel gehad om te lees nie, maar hy was 'n profeet, sy visioen en sy geloof. En dit het verkeerd gelyk aan andere dat hy so moes dink, dat hy sou dink hulle gaan 'n baba hê. Maar hulle het die baba gehad, omdat sy visioen van die baba was waarvan hy gepraat het: "Ek gaan dit hê! Ek gaan dit hê!" Maar toe die baba gebore is,

toe kon die ander mense sien met die oog, wat hy in 'n visioen gesien het. En wanneer jy begin optree volgens wat jy in jou hart glo, dan ken die mense God, en weet wat gebeur met jou, deur die manier wat jy optree. Dis hoe jy God met die oog sien. Maar aan hom, alles wat hy gedoen het wat goed was, alles wat hy vir andere gedoen het, het hy iemand nodig gehad om vir hom voorspraak te maak. Toe die geboorte van die baba gekom het, Isak, het die–die inspirasie, wat hom hiernatoe gelei het, hierdie visioen bevestig tot waar die mense kon sien, dat wat hy gesien het in 'n visioen, werklik die Waarheid was.

101 Nou, partymaal kom hierdie groot polsslae van geloof reg in die tyd van krisis. Dit is gewoonlik krisis wat ons hiernatoe dryf. Dit was 'n krisis wat Job daarin gedryf het. Tog, hy was aan die einde van sy lewe. Sy kinders was dood; sy kamele. En al sy goedere was weg en vernietig. En sy eie lewe, hy was uitgeslaan van die kroon van sy hoof na die sole van sy voete met sere. Dit was 'n krisis, toe hy homself gedruk het, dis waar die inspirasie hom getref het.

102 O mans en vroue, vanaand, as julle kon rondkyk en sien hoe naby ons aan die koms van die Here is. Julle wat die doop van die Heilige Gees uitgestel het. Julle het miskien vertrou op 'n sensasie, of iets wat julle gedoen het, wat Satan kan naboots, en kan nie die ware Gees in julle hê om die heelpad in God se beloftes te gaan nie. Hoe kan 'n man wat aanspraak maak om die Heilige Gees te hê, een Woord van hierdie Bybel ontken, as: "nie reg nie"? Jy kan dit nie doen nie!

103 Maak nie saak hoe godsdienstig jy is, aan hoeveel kerke jy behoort, op hoeveel boeke jou naam is nie, as daardie egte Heilige Gees in jou is (wat hierdie Woord gemanifesteerd is), sal jy die Boodskap en die uur sien, want dis die Heilige Gees wat dit doen. Maar daar moet iets wees wat dit aansteek, inspirasie jou tref. En as daar is. . . as jy water op die grond gooi, op die grond, op die grond, en daar is geen saad daarbinne om dit te tref nie, hoe kan dit ooit enigiets voortbring? Daar is niks daar om voort te bring nie. Dit is, dat slegs die Uitverkorenes van God Dit sal sien.

104 Die Uitverkorenes van God het Dit gesien in Noag se tyd, Moses se tyd, Jesus se tyd, die apostels se tyd, Luther se tyd, Wesley se tyd, Pinkstertyd, want dit was die Saad wat op die aarde was, toe hierdie inspirasie uitgestort was. Nou terwyl die inspirasie uitgestort word, om die Bruid bymekaar te maak, is dit slegs diegene wat Uitverkore is, wat Dit sal sien. Jesus het gesê: "Ek dank U, Vader, dat U hierdie dinge weggesteek het vir die oë van die wyses en verstandiges, en Dit openbaar het aan babatjies wat leer." Nou, inspirasie moet dit tref.

105 Nou, toe die inspirasie hom getref het, het dit dit afgehandel. Hy het Dit toe gehad! Nou, ons vind uit, daar kom

’n tyd van hierdie krisis wanneer die druk werklik aan is. En jy kyk vandag rond, kyk na die toestand waarin ons lewe. Lewe ons nie in ’n moderne Sodom en Gommora nie? Het die wêreld nie teruggekom nie? Dit was ’n Heidense wêreld, wat toe vernietig is, deur vuur. Het Jesus nie gesê, in Lukas, die 17de hoofstuk, die 28ste, 29ste, en 30ste verse, dat: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens, wanneer die Seun van die mens geopenbaar word,” nie? Wat is ’n “geopenbaarde”? Dis ’n geheim wat bekend gemaak word, ’n openbaring; is om te openbaar of ’n geheim bekend te maak.

106 Nou, hierdie dinge wat versteek was regdeur die kerkeeue, word nou geopenbaar, bekend gemaak. Nou, ons kan dit sê, en as God dit nie gerugsteun het nie, is dit verkeerd. Sien, God het nie enigiemand nodig om Sy Woord te interpreteer nie, Hy’s Sy Eie interpreteerder. Hy het gesê: “’n Maagd sal swanger word,” en sy het. Hy het gesê: “Laat daar lig wees,” en daar was. En ons lewe nie in Luther se eeu, Wesley eeu, of die Pinkstereeu nie. Die Pinkstereeu was net ’n herstel van die gawes wat terugkom na die kerk, maar ons lewe in die aandtyd, ons lewe in ’n tyd van die uitroep van die Bruid.

107 En so moeilik as wat dit was vir die Katolieke om Luther te sien, en die Luthers om die Wesley te sien, en die Pinkste-. . .die Wesleyane om die Pinkstereeu te sien, net so moeilik is dit vir die Pinksters om *hierdie* eeu te sien. Dit was altyd so, want Dit word uitgestort op ’n Uitverkore Saad, en dit alleen. Dis wat die Bybel leer. Hulle kan Dit nie sien nie, Jesus het selfs vir hulle gebid, gesê: “Hulle was blind, hulle het dit nie geweet nie.” Openbaring vertel ons, in hierdie Laodicése kerkeeu, toe Hy uit die kerk gesit was, dat hulle “nakend! arm! ellendig! Blind! is, en dit nie weet nie.” Weer terug, hulle kan Dit nie sien nie, kan Dit nie verstaan nie. Hulle is so verstrengel in tradisies!

108 Maar onthou, die beloofde Woord van God, deur die mond van Jesus Christus, die einste God wat die skepping in ontstaan gespreek het, Hy was die Een wat voor die grondlegging van die wêreld die woorde gespreek het: “En laat daar wees,” en daar was. Want Hy het gesê: “Hy was in die wêreld, en die wêreld is deur Hom gemaak, en die wêreld het Hom nie geken nie. Maar aan soveel soos Hom wel geken het, aan hulle het Hy die mag gegee om seuns van God te word.” Die einste Skepper, en die einste Skepper Self, toe Hy Lásarus uit die graf opgewek het, het Hy gesê: “Moenie dink dat dit vreemd is nie, want die uur kom dat wanneer almal wat in die graf is, die Stem van die Seun van die mens sal hoor, en sal voortkom.” Die einste God wat gesê het: “Laat daar Lig wees,” het gesê: “Die Stem van die Seun van die mens sou diegene wat in die graf is, wakker maak.” Dit moet gebeur in

die seisoen. Hy het gespreek: "Laat daar manlike en vroulike wees," ensovoorts, en dit alles, jare en honderde jare voor dit gebeur het.

109 Die inspirasie het die profeet Jesaja getref, hy het gesê: "Vir ons is 'n kind gebore, 'n seun gegee. Sy Naam sal genoem word Raadsman, Vredevors, die Sterke God, die ewige Vader." Jare het verbygegaan, maande, jare, dae, weke, jare het verbygegaan, honderde van jare het verbygegaan. Agthonderd jaar later, is Emmanuel gebore uit 'n maagd! Hoekom? Is omdat dit gespreek is deur die lippe van God se gesalfde profeet, 'n saad het uitgegaan. Sien? "En daardie groot uur," gesê: "sal julle soek. . . My vra vir 'n visioen of 'n teken."

110 Hy het gesê: "Ek sal vir hulle 'n teken gee, 'n ewigdurende teken: ''n Maagd sal swanger word,' 'n ewigdurende teken."

111 Nou, ons vind dat, in daardie ure van ware beproewing, dis gewoonlik wanneer die Gees van God inbeweeg. Hy het die Hebreeuse kinders reguit in die vuuroond laat inloop, voordat Hy ooit 'n hand beweeg het. Maar wanneer Hy beweeg, beweeg Hy.

112 Nou, ons let hier op dat in Lukas, die—die 17de hoofstuk, en die 30ste vers, dat Hy gesê het: "In die laaste dae, dat die Seun van die mens Homself sou openbaar, soos Hy het net voor Sodom en Gommora, en dieselfde toestande sou bestaan." Hy het vertel van Moses, van. . . en verskoon my, nie van Moses nie, maar van Noag. Hoedat die mense "geëet het, gedrink het, ensovoorts, getrou het, en uitgegee was in die huwelik." Toe het Hy gekom, Hy het gesê: "Nou, soos dit was in die dae van Lot, so sal dit wees by die tyd dat die Seun van die mens geopenbaar sal word." Nou, kyk, die Seun van die mens was geopenbaar aan Abraham se groep, as 'n man, 'n profeet in die vorm van menslike vlees, 'n gewone man met stof op sy klere, en Abraham het Hom "Elohim" genoem.

113 Nou, Jesus belowe hier dat in die laaste dae, die Seun van die mens weer geopenbaar sal word, aan daardie selfde tipe groep, die koninklike Saad van Abraham, net voor die vuur val. Onthou, die kerk het geen verdere getuienis ontvang, Abraham en hulle het nie, die beloofde seun waarna hulle gesoek het, is net daarna gebring. En die kerk soek na die Beloofde Seun, Hy sal kom net na die dae van hierdie bediening, Hy sal geopenbaar word uit die hemele. Nou, ons sien dit te duidelik, dit moet wees. Nou, die enigste ding wat daar moet wees, is iets wat pols, in 'n mens ingaan, God bevestig en hom vertel en hom wys dat dit die ding is wat moet gebeur; en dat jy gaan. . .

114 Soos Moses het, hy wou nie daardie kinders verlos nie, maar God het met hom gepraat in 'n brandende bos. Hy wou nie gaan nie, maar hy moes gaan. Moses het van Hom gehoor

as die groot Jehova. Maar toe kon hy Hom sien, Hy was in die vorm van 'n Vuurkolom. "Ek het gehoor van U, maar nou sien ek U." Waarin is Hy gesien? Sy bevestigde Woord.

115 God het vir Abraham gesê dat "sy volk sou vertoef in 'n vreemde land vir vierhonderd jaar, maar Hy sou hulle uitbring met 'n magtige hand."

116 En, let op, hierdie brandende bos het bevestiging gegee vir wat die profeet Abraham gesê het sou gebeur. Moses het gesê: "Ek het daarvan gehoor, maar nou sien ek dit!"

117 Nou het *ons* gehoor dat in die laaste dae dat die Seun van die mens onder Sy mense sou kom en Homself sal openbaar aan die mense in dieselfde manier wat Hy het by die...net voor die vernietiging van Sodom. Die Seun van die mens, wat het Hy gedoen? Hy het die geheime geken wat in Sara se hart was. Het ook die belofte aan Abraham gegee. Abraham het God se Stem gehoor, hy mag Hom gesien het in baie verskillende maniere (ek weet nie hoe Hy met hom gepraat het nie, deur drome of deur profesieë), maar hierdie keer het hy Hom gesien. "Ek het van U gehoor, nou sien ek U."

118 En die kerk het gehoor van God, hulle het gelees van Hom, en wat Hy gedoen het, en die beloftes wat Hy gemaak het, maar nou sien ons Hom met ons oë (net soos Job het): "Ek het van U gehoor, maar nou sien ek U." Goeiste! Wat 'n verskil.

119 Moses, in daardie krisis, het uitgeroep! En ons vind uit, in Eksodus, die 14de hoofstuk, die 13de en tot die 16de vers, Moses in daardie groot spanning daar met die kinders van Israel, het inspirasie hom getref, en het hy gesê wat hy veronderstel was om te sê, sonder om te weet dat hy dit gesê het. Sien: "Staan stil en sien die verlossing van God." God het nog nie met Hom gepraat nie. Sien, die inspirasie het hom getref.

120 Hulle het gesê: "Hoekom het jy ons hiernatoe gebring? Ons moes in Egipte gesterf het. Was dit omdat daar geen grafte daaronder was nie? Bring ons hiernatoe, en laat ons sterf; ons kon in vrede gelewe het as slawe, totdat ons gesterf het, maar jy het ons hiernatoe gebring."

121 Moses, 'n profeet, wat geweet het hy het toegang tot God gehad, was geïnspireerd, en hy het gesê: "Staan stil en julle sal die verlossing van God sien; want die Egiptenare waarna julle vandag kyk, julle sal hulle nooit weer sien nie." Hoe het hy geweet dit gaan gebeur? Hoe het hy geweet? Hy het nie geweet wat hy gespreek het nie.

122 Maar onmiddellik nadat hy dit gespreek het, het God hom gesê hoe om dit te doen. Gesê: "Moses, moenie uitroep na My nie, neem jou staf in jou hand en strek dit uit oor die see, en sê vir die kinders van Israel om te 'Loop!'" Amen!

123 Die inspirasie! Dis hoe dit jou tref wanneer jy siek is. Dis hoe dit jou tref wanneer jy beproefd is. Iets word geopenbaar aan jou, en jy sien dat dit geopenbaar is, sê jy: "Ek is genees!"

124 Dan sê God vir jou wat om te doen: "Staan op en begin loop." Amen! Dan is dit alles verby, wanneer jy dit op daardie manier kan doen. Dis hoe God dit doen, dan sien jy God gemanifesteer deur jouself.

125 Dit was God wat vir hom gesê het om dit te doen. Nou, toe, het almal wat teenwoordig was, almal van Israel wat teenwoordig was, die inspirasie gesien wat Moses getref het. Hulle het God gesien, met hulle eie oog, daardie water van een kant na die ander waai. En daardie Vuurkolom het hulle reg oor die—die see gelei. Hy het van God gehoor, toe het hulle God gesien.

126 Josua was in 'n krisisuur, toe die leërs uitmekaar gejaag was, en die son aan die ondergaan was. Josua was 'n profeet, en hy het geweet dat as daardie leërs ooit 'n kans gehad het om te herenig, en teen hom te kom, hy meer manne sou verloor, so in daardie krisisuur toe iets gedoen moes word. . . Daar's net een ding, as hy hulle aan die hardloop kon hou, sou hy hulle verslaan, elkeen, plat. Maar daar was nie genoeg lig om dit te doen nie, so Josua het gestaan, sy hande opgesteek, hy het gesê: "Son, staan stil! En maan, hang oor Ajalon, totdat ek klaarkry met hierdie stryd." En die son het stilgestaan. Hulle het Josua hoor spreek, en toe het hulle God in aksie gesien (met hulle eie oë). Waar!

127 Kyk, natuurlik, dit was 'n paradoks om iets te sien wat onmoontlik geblyk het, tog is dit waar. Maar: "Die son het stilgestaan," sê die Bybel. Ek weet nou nie wat julle mense dink, wat gedink het die wêreld het gedraai nie, nou; maar, in elk geval: "die son het stilgestaan." Miskien het Josua nooit probeer uitdink hoe hy dit sou—sou doen, hoe God dit sou doen nie, die enigste ding wat hy gesê het, was: "Son, staan stil!" Hy het dit gesê, miskien onbewus van wat hy gesê het, want dit was God wat dit vir hom gegee het, en Hy het gewerk.

128 Selfde ding in Markus 11:23: "As jy vir hierdie berg sê: 'Word beweeg,' en nie in jou hart twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur, kan jy hê wat jy gesê het." Maar jy kan nie daar staan en rondtas in jou verstand en dit sê nie, jy moet geïnspireerd wees om dit te sê. Amen!

129 Verskoon die uitdrukking; maar daardie dag, daar gesit in daardie woud (en God is my regter, ek kan dood neerval op hierdie preekstoel), toe daardie Skrif my my hele lewe dronkgeslaan het. . . daar gesit daardie oggend in die woud, en ek het daaraan gedink, en daardie Stem het met my gepraat, Hy het gesê: "Daardie Skrif is soos alle Skrifte, Dis waar."

130 En ek het gedink: "Wel, hoe kan dit wees?"

131 En Hy het gesê: “Jy’s. . .” Ek het gesê. . .Hy het gesê: “Spreek, en dit sal so wees. Moet Dit nie betwyfel nie.”

132 En ek het met Iemand gepraat, daar ver buite in die woud gesit. Geen eekhorings nie, was daar vir drie dae, daar’s geen eekhorings daar nie. En ek het gesit in ’n berg-esdoring ruigte. Eekhorings kom nie eens. . .enigiemand wat eekhorings jag, weet hulle is nie in berg-esdoring nie. En ek het daar gesit; en wind wat baie erg gewaai het, omtrent tienuur in die oggend, en ek het weer gedink.

133 En Dit het gesê: “Jy jag, en jy het eekhorings nodig, net soos Abraham ’n ram nodig gehad het.”

134 Ek het gedink: “Dit het my altyd die Waarheid vertel, maar hierdie klink vreemd.” En ek het opgestaan van waar ek gesit het, oral rondgekyk: “Waar is daardie Persoon wat met my gepraat het?” Niks; wind wat net baie hard waai. En ek het gedink: “Kon ek aan die slaap geraak het en daardie gedroom het? Nee, ek was nie aan die slaap nie. Ek het daar teen die boom gesit, dopgehou, veronderstel om Broer Woods en Broer Sothmann daar te ontmoet, in ’n oomblik, omtrent tienuur in die oggend. Boere almal daarbuite aan die werk, hulle mielies aan die oes.”

135 En ek het Dit weer gehoor, gesê: “Jy jag, en jy het wild nodig. Hoeveel het jy nodig?”

136 En ek het gedink: “Nou, ek wil dit nie oordoen nie, ek gaan net vra vir drie, drie eekhorings. Ek wil jong, drie rooi eekhorings hê. Ek wil hulle hê.”

137 Hy het gesê: “Praat dan daaroor.”

138 En ek het gesê: “Ek gaan drie jong rooi eekhorings kry.”

139 Hy het gesê: “Van watter kant af sal hulle kom?”

140 “Wel,” het ek gedink: “ek het sover gegaan, daar’s Iets wat met my praat hier.” Net soos julle my hoor praat. En God in die Hemel, met hierdie Bybel oor my hart, weet dat dit waar is. En Hy. . .En ek het gesê: “Wel,. . .” Ek het ’n belaglike plek uitgekies, ’n ou droë tak wat daarbuite hang (omtrent vyftig jaarts, waar my geweer ingeskiet was).

141 Ek het gesê: “Die eerste een sal net daar wees,” en daar was hy.

142 Ek het my oë gevryf en teruggekyk (ek het my kop gedraai), en ek het gedink: “Ek wil nie ’n visioen skiet nie.” En ek het weer omgekyk, en daar sit die eekhoring. Ek het ’n koeël in my geweer gesit, gekorrel, en ek kon sy swart oog sien, jong rooi eekhoring. Ek het gedink: “Ek—ek. . .miskien slaap ek, sal ek—ek wakker word binne ’n paar minute. Sien, ek droom hiervan.” Wel, ek het korrel gevat, die eekhoring geskiet, en dit het van die tak afgeval. Ek het gedink: “Wel, ek weet nie.”

Ek het gedink: "Wel, moet ek soontoe gaan en daarna soek?" En–en ek het soontoe geloop, en daar het dit gelê. Ek het dit opgetel, en bloed het daaruit geloop. 'n Visioen bloei nie, julle weet. So ek het dit opgetel, en dit was 'n eekhoring. Ek het baie lam geword, oraloor.

143 En ek het omgekyk, ek het gesê: "God, was dit U!" Ek het gesê: "Dank U, hiervoor. Nou sal ek uitgaan en. . . "

144 Hy het gesê: "Maar jy het *gesê*! Twyfel jy of jy gesê het? Jy het gesê jy sal 'drie' kry. Nou waarvandaan sal die volgende een kom?"

145 Ek het gedink: "Wel, as ek droom, gaan ek voortgaan."

146 So ek—ek het gesê. . .Ek het 'n ou stomp daar oorkant uitgekies, van 'n boom wat heeltemal toegedraai was met hierdie giftige rankplant hier. Jy kry nooit 'n eekhoring daarin nie. So ek het gesê: "Die volgende een sal reguit uit daardie giftige rankplant kom," en daar het daardie jong rooi eekhorinkie daar gesit en reguit na my gekyk. Ek het my geweer neergesit, en my oë gevryf. Weer omgedraai, ek het gedink. . .Daar het hy gesit, sy kop sywaarts gedraai. Ek het die eekhoring geskiet, en toe het ek begin huis toe gaan.

147 Maar gesê: "Jy het gesê 'drie'! Betwyfel jy wat jy gesê het?"

148 Ek het gesê: "Nee, Here, ek betwyfel nie wat ek gesê het nie, want U bevestig dit."

Hierdie is een Skrif wat my dronkgeslaan het: "Nie as *Ek* sê nie, maar as *jy* sê." Nie as *Jesus* dit gesê het nie, maar as *jy* dit self sê.

149 En ek het gedink: "Op een of ander manier het ek in daardie kanaal ingebreek, en ek weet Hy's hier, want ek is omtrent buite myself." Ek het gedink: "Ek sal hierdie een belaglik maak, verseker."

Ek het gesê: "Daar sal 'n rooi eekhoring afkom van *daardie* heuwel, reguit afkom na *hierdie* kant, en reg by my verby, en uitgaan, en op *daardie* tak sit, en afkyk daar na *daardie* boer." Hier kom hy af met die heuwel, reguit uitgegaan, en gesit, gekyk na die boer. En ek het hom geskiet.

150 Satan het vir my gesê: "Jy weet wat? Daardie woude is nou net vol van hulle." En ek het daar gesit tot twaalfuur, en nie nog 'n ding het gebeur nie. Dit wys net dat wanneer God. . . Hy's die einste Skepper van Hemele en aarde!

151 Wat inluister, nou in Jeffersonville, is daar 'n familie genaamd Wright. Ek het Broer Woods het soontoe gegaan om hulle te sien. Hulle maak die nagmaalwyn vir die kerk. Klein Edith het daar gesit in die kamer; 'n klein kreupel meisietjie, wat sy siek was haar hele lewe, en so het ons altyd na God gekyk om haar te genees. Haar suster, 'n weduwee, haar man

is dood; haar naam was Hattie, baie nederige klein vroutjie. En terwyl ek en Broer Banks uitgegaan het om vir haar 'n haas te kry, het hulle 'n groot kersiedrankie gekook; en my laat sit en eet.

152 Ons het almal om die tafel gesit, ons het hieroor gepraat, dit het net 'n paar dae tevore gebeur. En aan die sit om die tafel, hieroor aan die praat, het ek meteens gesê: "Wat kon gebeur het?" Ek het gesê: "Broer Wright, jy's 'n ou man, het jou hele lewe lank eekhorings gejag. Broer Shelby, jy's 'n bedrewe eekhoringjagter. Broer Wood, jy is ook. Ek het hulle gejag vandat ek 'n kind is. Het jy ooit 'n eekhorinkie in 'n bergesdoring en sprinkaanruigte gesien?"

153 "Nee, meneer."

154 Ek het gesê: "Hulle was net nie daar nie." Ek het gesê: "Die enigste ding wat ek weet, Dis net dieselfde God. Toe Abraham 'n ram nodig gehad het, was Hy *Jehova-Jireh,* Hy kon 'vir Homself voorsien.'" Ek het gesê: "Ek glo dis dieselfde ding."

155 En klein ou Hattie, wat daaragter sit, het gesê: "Broer Branham, dis niks anders as die Waarheid nie!"

156 Sy het die regte ding gesê! Toe sy dit gesê het, het die Heilige Gees weer oorgeval in daardie kanaal, elkeen van hulle het Dit gevoel. Ek het opgestaan, ek het gesê: "Suster Hattie, SO SPREEK DIE HERE, jy het die regte woord gesê, soos die Siro-Feniciese vrou gesê het. Die Heilige Gees praat nou met my, en het vir my gesê om jou die begeerte van jou hart te gee." Ek het gesê: "Nou, as ek God se dienaar is, as dit is, sal dit gebeur. As ek nie God se dienaar is nie, dan is ek 'n leuenaar, en sal dit nie gebeur nie, is ek 'n bedrieer." Ek het gesê: "Nou probeer en kyk, dit die Gees van God is of nie."

157 Sy het gesê: "Broer Branham," (almal het gehuil), gesê: "waarvoor sal ek vra?"

158 Ek het gesê: "Jy het 'n kreupel suster wat daar sit."

159 Ek het twintig dollars in my sak gehad, om vir haar te gee, wat sy in 'n donasie gesit het. Die vrou maak nie 'n kapitaal van tweehonderd dollars 'n jaar, op daardie klein, ou arm plasie, sy en twee seuns nie. Haar seuns het alledaagse 'Rickies' geword, skooldae, julle weet, en net hulle moeder kwaad gemaak; en vyftien, sestien jaar oud. En, o, hulle het daar oorkant gestaan en lag vir wat ek gesê het.

160 En ek het gesê: "Jy het 'n vader en moeder wat hier sit wat oud is. Jy het nie enige geld nie. Vra vir die geld, en kyk of dit in jou skoot val. Vra vir jou suster, en kyk of sy nie opstaan en loop nie." Ek het toe geweet, soos Job, daar's iets wat jy weet wanneer jy dit tref. Gesê: "Ek weet! Hier staan ek voor omtrent tien mense," ek het gesê: "as dit nie gebeur nie, dan is ek 'n vals profeet."

161 Gesê: “Waarvoor sal ek vra?”

162 Ek het gesê: “Dit hang van jou af om jou besluit te maak. Ek kan nie jou besluit maak nie.”

163 Sy het omgekyk, die vroutjie. En meteens, het sy gesê: “Broer Branham, die grootste begeerte in my hart, is die redding van my twee seuns.”

164 Ek het gesê: “Ek gee jou jou seuns, in die Naam van Jesus Christus.” En daardie giggelende, laggende, spottende seuns, het oor hulle moeder se skoot geval, en hulle lewe aan die God gegee, en is net daar met die Heilige Gees vervul.

165 Hoekom? Dit is Waarheid! God het die gesag om my dood te maak, voor hierdie mense oor die nasie. Baie van julle hier en in Jeffersonville, ek kan die Tabernakel nou hoor uitskree: “Amen!” want hulle sit nou net daar en luister daarna. Sien, want dis die Waarheid! Wat is dit? Dis wanneer die God, deur Sy soewereine genade; gebeur dit! Buiten dit, sal dit nie gebeur nie.

166 In daardie kritieke oomblik. . .Dink aan die manne en die mense waarmee ek bekend is. God wat by al die hooggeplaastes verbygaan en alles, om aan ’n arme, klein ou nederige vroutjie te gee, wat kwalik haar eie naam kan teken; en Hy het geweet dit waarvoor sy sou vra. En dit was die grootste ding; want haar suster is nou dood, en haar moeder en vader moet sterf, die geld sou vergaan, maar die siele van haar seun is Ewig! En dit was die uur vir hulle om Dit te ontvang. En net sodra ek gesê het: “Ek gee jou jou seuns, in die Naam van Jesus Christus,” daar het hulle oor hulle moeder se skoot geval. Hoeveel hierbinne weet dat dit die Waarheid is, weet julle dit? Sien, daar is dit. Ja. Hoekom? Inspirasie!

167 Nou: “Ek het van U gehoor, dat U kan eekhorings skep; ek het van U gehoor, dat U ’n ram kan skep; maar nou sien ek U, met my eie oog!” Die manifestasie, die visioen sigbaar gemaak. Wanneer God enigiets belowe, is dit wat Hy sal doen.

168 Let op, wanneer jy ’n behoefte het, miskien soos Josua. Hy het ’n behoefte gehad; hy het nooit gedink aan die omstandighede nie, hy het dit gespreek, en dit was God! Glo julle die son het stilgestaan? Ek ook. Hoe het dit dit gedoen? Moet dit nie probeer uitwerk nie, maar dit het dit gedoen. Josua het dit gedoen, en sy hande opgesteek; in daardie kritieke oomblik het hy toegang tot God gehad, en dis wat gebeur het. Dit was tydig. Die Gees van die Lewende God, het die behoefte daarvan gesien, en op Josua gedruk om dit te sê. Dieselfde God het die behoefte van Abraham gesien. Dieselfde God het die nut gesien om hierdie Skrif aan my te bevestig, dat *daardie* Skrif ook waar is! Dieselfde God het die behoefte gesien van twee voorbestemde seuns, en dit was daardie oomblik wat Hy dit bewys het en Sy Woord bevestig het.

169 Markus 14, sien ons ’n vrou het aan Hom geglo, sy het ’n behoefte gehad en gesien Hy het ’n behoefte gehad vir Sy voete om gewas te word, sy moes net geïnspireer word om tot aksie oor te gaan. Nou luister aandagtig soos . . . voor ons afsluit. Sy moes slegs geïnspireer word om tot aksie oor te gaan, want sy het alreeds van Hom gehoor. Sy het gehoor dat “Hy ’n vrou vergewe het van haar sondes, ’n hoer. En gesê het: ‘Watter een van julle is sonder sonde? Gooi die eerste klip.’” Sy het van Hom gehoor, maar nou het sy Hom gesien. Sy was geïnspireer om Hom te dien. Dis die enigste ding wat jy hoef te wees.

170 Laat die Heilige Gees jou vertel dat: “Jy ’n sondaar is!” Laat die Heilige Gees jou vertel: “Jy’s verkeerd!” Laat die Heilige Gees aan jou bewys, deur die Skrif, dat: “Jy Skriftuurlik verkeerd is!” En wat . . . want Dit sal slegs deur een reguit kanaal van elke Skrif van God roer, Dit sal vir niks verbygaan nie. As jy dit doen, sal Dit jou niks help nie. Want die Heilige Gees kan Dit vir jou inspireer, maar as die siel nie reg is met God nie, soos ons deur is hierdie week, sal dit in elk geval nie help nie. Onthou, vals gesalfdes sal opstaan in die laaste dae; nie vals Jesusse nie, vals christusse (gesalfdes), en sal die einste Uitverkorenes mislei, indien dit moontlik was.

171 Let op, sy het ’n diens gehad om vir Hom te bewys. Sy het van Hom gehoor, nou het sy Hom gesien met haar oë. Sy het ’n diens gehad om te bewys, en sy het niks gehad om dit mee te doen nie. So sy het in elk geval vorentoe gestorm, om die diens te bewys, God het die water en die handdoeke voorsien om Sy voete mee te was. Sy het gehoor van ’n Lewende God, haar hele lewe, maar nou het sy Hom gesien met haar oë. Sy het geweet dit was Hy, en inspirasie het haar getref, en gesê: “*Hierdie* is die Boodskapper!” Hy het ’n diens benodig (sy het niks gehad om Hom mee te bedien nie), Sy voete was vuil. Maar sy het in elk geval vorentoe gestorm, om vir Hom ’n diens te bewys, want sy was geïnspireerd om dit te doen.

172 O, die teruggevalle kerklidmaat, denominasionele man of vrou, kan julle nie die behoefte sien wat Jesus vanaand het nie? As inspirasie julle net kan tref, is hierdie die uur om dit te doen. Maar sy het Hom gesien met haar oë. Die ander daar het Hom selfs bespot. Hulle het nie Sy Boodskap geglo nie. Trouens, die gasheer, die pastoor-gasheer, ou Simon, het Hom soontoe gebring om Hom te bespot. Hulle het nie geglo Hy was ’n profeet nie.

173 So toe dit gelyk het asof die Duiwel dit net reg ingewerk het vir hom om dit te sê, het hy in homself gesê: “As hierdie man ’n profeet was, sou Hy geweet het watter soort vrou daardie by Sy voete was. As Hy ’n profeet was!” Sien, dit was nie eens aan hom geopenbaar wie Hy was nie. Daar kon nie enige inspirasie hom tref nie, want daar’s niks daar om te tref nie. Maar dit het haar getref!

174 Haar oë het verby sy kritiek gesien. Sy het geglo Hy was, sien, die Woord van die profete! Sy het geweet dat Daardie al die Woorde van die profete was, bevestig was in Hom. Sy het gehoor Hy was op die aarde, maar nou het sy Hom gesien. Kyk wat sy gedoen het. Sy het die vleesgeworde Woord gesien, die Messias, die Emmanuel. Toe sy uiting gegee het aan haar polsslag van geloof (van openbaring van Wie Hy was, in die tyd wat sy gelewe het, dat Hy God se Lam was vir sulke sondaars soos wat sy was), het sy voortgegaan om Sy behoeftes te bevredig, sender om te weet hoe sy dit sou doen.

175 Dis hoe 'n ware genesing kom, wanneer dit geopenbaar word aan jou dat "Hy deurboor was vir jou oortredinge, verbrysel vir jou ongeregtighede, en deur Sy wonde, daar vir *jou* genesing gekom het." Wanneer dit geïnspireer is aan jou om Sy Teenwoordigheid hier te sien, van Markus 11...of Lukas 17:30, dat Hy Homself gaan openbaar in die laaste dae (onder Sy mense, in menslike vlees), soos Hy het voor Sodom. Wanneer jy dit sien, en iets tref jou!

176 Die dokter mag sê: "Die kanker is steeds daar."

177 Die pasiënt mag sê: "Ek—ek—ek—ek—ek—ek weet nie hoe ek gaan loop nie, maar ek gaan in elk geval loop." Ons weet nie hoe dit gaan maak nie.

178 Sy het vorentoe gegaan om Hom te bedien, omdat inspirasie Hom getref het...haar getref het, dat daardie die uur was, daardie die Boodskapper was, daardie die Messias was, wie moes genees, en sy het Dit geglo. En Hy het 'n diens nodig gehad wat aan Hom bewys moes word, en sy het vorentoe gegaan sonder enigiets wat gewys het sy kon dit doen. Sy het net op haar inspirasie gegaan. Kyk! God het die fonteine van die traankliere in haar oë gebreek. Dieselfde oë wat gehoor het... ore wat Hom gehoor het; die oë wat Dit gesien het, het gebreek met vreugde. Toe die ander, Godgegewe lang hare, met daardie trane wat afloop. God het vir haar handdoeke gegee (met haar hare), en met haar trane. Sy het Sy behoeftes bevredig, die behoeftes van die Lewende God. Sy het Daarvan gehoor, maar nou het sy Hom gesien, kon sy aan Hom 'n diens bewys.

179 O sondaar! Hoekom doen jy nie ook so soos jy nou die behoeftes sien nie? Dat Hy jou nodig het, jou diens! Nou sien jy die Een, van Wie jy eenkeer gehoor het in die Bybel. Ons het Hom gisteraand hier sien inkom, en wat Hy gedoen het. Ons sien Hom, diens na diens, en partymaal sit ons net koud en ongevoelig, sê: "Ja, ek weet die Skrif sê dit. O, ek—ek het dit gedoen gesien, sien." Ons het geen entoesiasme nie, dit blyk ons nie reg te tref nie. Dit lyk nie asof daar iets is nie, soos as jy uitgegooi het...

180 'n Vuurhoutjie te neem en dit te trek, as die vuurhoutjie nie die swawel reg op die kop van die vuurhoutjie het nie,

kan die nie trek nie. En jy kan hark en hark en hark, maar as 'n sekere chemikalie daardie swawel daarop doodgemaak het, sal dit nie trek nie, sal daar geen lig wees nie. Maar as daardie chemikalie, die swawel laat trek teen die metaal, sal. . .dit steeds daarop is wanneer dit trek, sal dit aansteek.

181 En wanneer die ware, egte bevestiging van die Skrif van hierdie laaste dae Boodskap, en jy sien die Teenwoordigheid van Jesus Christus, wat jy gehoor het wat Hy gedoen het in Sy lewe, en die Skrifte hoor sê: "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd"; en net voor die Sodomtoestand verbrand word met die toorn van God, Jesus sien terugkeer onder Sy mense, gevorm in menslike vlees, en dieselfde ding doen wat Hy gedoen het. Goeiste! Dit behoort ons siele na die Heerlikheid te trek! Dit behoort iets vir ons te doen. Hoekom? Dit val daarop.

182 Julle het gehoor in die Bybel wat Hy gedoen het, hoedat die vrou Sy kleed aangeraak het. Hy het omgedraai en haar vertel wat haar probleem was, en haar geloof het haar genees. Nou, Hy het belowe dat Hy dieselfde ding weer sal doen, net voor die wêreld verbrand sou word, en die wereld in 'n Sodomtoestand sou wees. Die Nuwe Testament, die Profeet, die God-profeet, die Profeet van profete, die God van al die profete, die volheid van die Goddelikheid liggaamlik, God van. . .gemanifesteer in 'n vlees, die Skepper, van Génesis. Halleluja! Dis Sy Woord! Hy't gesê dit sou gebeur! En ons sien Sodomtoestand, ons sien die wêreld in daardie toestand, nou sien ons Hom afkom en presies doen wat Hy gesê het Hy sou doen. Nou, ons het van Hom gehoor, nou sien ons Hom! "Ek het van U gehoor met my ore, nou sien ek U met my oë." Amen! "Ek sien Hom met my eie oë." Watter uur behoort dit te wees! Watter tyd behoort dit te wees! Die bevestiging van Sy Woord! Altyd wanneer die Woord bevestig word, is dit God wat spreek in Sy Woord, wat Homself sigbaar maak sodat jy kan sien.

183 Nou, hier's 'n klein ou prostituut van die straat af, sy val by die altar, voor Jesus, en sy het Sy voete gewas met die–met die trane, en—en hulle afgedroog met haar hare. God het geëer, Hy het gesê: "Waar hierdie Evangelie ook al gepreek sal word, laat dit vertel word vir 'n nagedagtenis aan haar." Hoekom? Kyk hoe vuil was sy, maar iets het getref. Sy het die Woord van die belofte gesien, uit die Tuin van Eden, hierdie: "vrou se Saad sal die slang se kop vermorsel." Sy het die Messias gesien wat gebore is uit 'n maagd.

184 Sy het gehoor Hy moes gebore word uit 'n maagd, maar hulle het gehoor daardie man was op aarde. Sy het gehoor daar was 'n jong rabbi, Profeet, wat die siekes genees het. Sy het dit geglo! En hier het sy met die straat afgekom, rondgeloop, rondgekyk. En sy het daar oorkant gekyk en daardie groot partytjie sien

aangaan. Sy't opgesluip na die heining, en deurgekyk, en daar was Hy. Daar was Hy! Iets het gesê: "Dis Hy!" Sien, dis al wat sy nodig gehad het om geïnspireer te word. Sien wat gebeur het? Sy het die vleesgeworde Woord van God gesien. Sy het gehoor met haar oor, nou het sy gesien met haar oë.

185 Nou, almal weet dat ons 'n belofte het van die kerktoestand in die laaste dag. Die kerk, in haar huidige toestand, kan nooit die gebooie van God, die groot opdrag, vervul nie, kan nooit die Bruid uitroep nie. Watter een sal dit doen? Die Pinksters? Ek sal sê nie. Geen van die res van hulle nie. Dis die dop wat op die koring is. Dit het uitgekom, presies net soos die koring gelyk, maar daar was geen koring daaraan nie. Dit maak oop, maar die graan kom daaruit. Hulle organiseer, hulle maak hulself dood. Dis waar hulle sterf. Hulle is stingels. Maar die koring het daardeur opgekom, en nou het dit begin vorm in die Bruidvorm. Die koringkorrel wat in die grond geval het deur die donker eeue, dit moes sterf.

186 Daardie kritikus wat sê: "Hoekom sou 'n God van genade, wat die Rooi See kon oopmaak, staan dat daardie arme Christene opgeëet word deur die leeus, en verbrand, en alles? Opgestel, net asof Hy gelag het daaroor!" Die arme onkundige! Het hy nie geweet: "As 'n koringkorrel nie in die grond val nie"? Dit moes sterf deur daardie donker eeue, soos enige ander koringkorrel onder die aarde moet ingaan en begrawe word, om in die eerste hervorming daardie eerste twee blare voort te bring van Luther, die stingel. Dit moes voortkom in die Wesleyane, daar buitekant, om die stuifmeel voort te bring, die pluime, die groot sendingeeu. Moes voortkom in die Pinkster, vir die herstel van die gawes, amper om die einste Uitverkorenes te mislei. Lyk soos 'n koringkorrel; maak dit oop, is daar glad geen koring daar nie, dis net dop. Maar destyds daar, toe, het hulle die eenheid organisasie begin vorm, die drie-eenheid organisasie, die tweeheid organisasie, en kerk van God organisasie, en almal het georganiseer, en net presies die dood! En wat gebeur nou? Maar dis 'n beskutting vir die koring, dit het daardeur gegroei die heeltyd.

187 Nou het dit begin wegtrek, het die koring sigbaar geword. Hierdie is nie 'n Pinkstereeu nie. Hierdie is die laaste—dag eeu. Hierdie is die Bruid-Eeu. Hierdie is die Aandlig. Dit is wanneer Maleági 4 vervul moet word, om God se patroon te volg. Hierdie is Lukas 17:30, wat vervul moet word. Hierdie is die tweede. . .En Jeremia en al die ander van hulle, waarvan Joël gespreek het in hierdie dae, *hierdie* is daardie dag. "Ek het gehoor, Here, en Dit was aan die kom, maar nou sien ek Dit met my oog."

188 Hoewel baie. . .hoeveel valse nabootsers opstaan, daardie Jannes en Jambres met al hulle truuks, om alles te doen wat

Moses gedoen het, het glad nie vir hom of Aäron geskud nie. Hulle het geweet waar . . . soos Job, het hulle geweet van Wie hulle inspirasie gekom het. Hulle het geweet Dit was SO SPREEK DIE HERE! En dieselfde Bybel wat van hulle gepraat het, het gesê: "Hulle sou in die laaste dae kom, nabootsers." Daardie godsdienstige denominasies, wanneer iets begin het . . . Wie het eerste begin? Moses of hulle? As hulle eerste begin het, sou Moses die—die nabootser gewees het.

189 Nou het ons alle soorte van onderskeiers en alles anders wat julle gedagtes probeer weggooi van die ware ding van God, wat God as die Waarheid bewys het deur Sy Skrif. "Ons het Daarvan gehoor met ons ore, nou sien ons Dit met ons oog." Amen! Glo julle Dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ons hele harte? Inspirasie! En in daardie dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word, 'n Seun van die mens, Jesus Christus, gemanifesteer onder Sy mense.

190 'n Man het daar onder voor Abraham en sy groep geloop, net 'n gewone man, stof op Sy klere. Hy het Sy rug na die tent gedraai gehad, Hy het gesê: "Waar is jou vrou, Sara?" (Nie S-a-r-a-i nie, S-a-r-a; A-b-r-a-h-a-m, nie A-b-r-a-m nie). Sy naam geroep, gesê: "Waar is sy?"

191 Gesê: "Sy's in die tent, agter U."

192 Gesê: "Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe. (en sy het in haar mou gelag). Gesê: "Hoekom het sy gelag?" (uh-huh). Nou, Hy het belowe. Daardie mense was die een wat gesoek het na 'n beloofde seun.

193 Nou, ek gee nie om hoeveel die mense voorgee in hierdie denominasies, sê hulle "soek na Christus" nie, hulle optrede bewys hulle soek nie! Dis reg. Jou optrede spreek harder as jou woorde. Al waaraan hulle dink is om denominasionele lidmate te maak, maar daar is sommige mense, een *hier* en *daar,* wat soek na die koms van die Here. Hulle soek na . . . tog. Net aan hulle, sal Hy Homself openbaar, slegs hulle sal verstaan.

194 Net die Uitverkorenes het verstaan wie Hy was. Dink net, daar's omtrent miskien driemiljoen mense, Jode, op aarde, daar was nie een derde van hulle wat ooit geweet het Hy was daar totdat Hy klaar gekom en gegaan het nie. Sien? Maar Hy het Homself geopenbaar aan hulle wat gewag het: Johannes die Doper, en—en die apostels, wat deur Johannes geroep is, ensovoorts, en blinde Anna in die tempel, Simeon die priester, wat "dit aan hom openbaar was deur die Heilige Gees dat hy die Christus sou sien." Al daardie groot godsdienstige leiers, teoloë en dinge, blind soos hulle kon wees!

195 Die reën kan slegs die saad oprig, as die saad alreeds daar is. En soos jy eers 'n kiem in jou pa was, en hy jou nie geken het nie, tog was jy in jou pa. Maar deur 'n beddinggrond van jou moeder, is jy gemanifesteer in sy gelykenis, en toe kon

hy met jou praat. God, die Groot God; as jy Ewige Lewe het, dan was die kiem van Ewige Lewe in God aan die begin. En jy was daar, jy was in Sy gedagtes, jou naam en alles. En Hy, deur voorkennis, het jou verordineer om Hierdie te sien. En julle wat nie verordineer was nie, sal Dit nooit sien nie. Maar, onthou, in die Naam van die Here Jesus: “Die uur is hier!” Sal julle Hom nie glo nie? Gee julle lewens vir Hom. Ek moet ophou, dis na nege.

Laat ons ons hoofde buig.

196 “Ek het gehoor, Here, van U, nou sien ek U!” Here Jesus, seën hierdie mense soos hulle wag.

197 Nou gaan ek vir julle ’n vraag vra. Ek gaan die Heilige Gees (ek vertrou dat Hy sal) julle gedagtes laat deursoek, julle beproef, julle siel beproef, en kyk of julle regtig glo. En as julle vind daar’s ’n klein bietjie twyfel daar, sal julle julle hand opsteek? Sê: “Here Jesus, laat my U sien. Ek het van U gehoor, maar ek het U nooit regtig gesien nie. Laat my U sien, ek sal glo.” Goed. Dis gaaf.

198 Is hier sommige hier wat Hom nie ken as julle Verlosser nie? Steek jou hand op, sê: “As. . .Ek–ek is ’n sondaar, maar as ek. . .as U—as U my U net sal laat sien, Here Jesus, hierdie Woord manifesteer waarvan hulle praat. Ek weet dis hoe Job U gesien het. Ek weet dis hoe Abraham U gesien het. Ek weet dis hoe al die res van hulle U gesien het, want dit was U beloofde Woord wat bevestig is. Ek het alle soorte dinge gehoor, en truuks, en alles, maar ek verstaan dat daar ’n laaste-dag Boodskap in die land is, waarvan gepraat is deur ’n Engel op die rivier, in 1933. Ek het gehoor van die genesingsdienste wat uitgegaan het, en ek weet wanneer daardie plaasvind, kan dit nie in daardie selfde ou denominasionele groef bly nie.” Dit was nie daarvoor gestuur nie, het nooit daar gebly nie. [Leë kol op band—Red.] . . .?. . .

199 Wat as Moses sou kom sê het: “Kom ons bou ’n ark soos Noag het, dryf uit Egipte uit met die rivier af”? O, nee. Sien? Nee! Hy het ’n Boodskap van God gehad, hy was die manifestasie. Daardie profeet wat op die toneel verskyn het, moes net daar vir Israel bewys het. Hulle het vir vierhonderd jaar ’n profeet gehad nie, hulle het nie ’n profeet gehad nie, en hier verskyn ’n profeet op die toneel. Hulle behoort te geweet het dat iets sou plaasvind.

200 Israel het weer nie ’n profeet gehad vir honderde jare nie, en hier kom Jesus op die toneel. En die vrou by die put, het gesê: “Meneer, ek sien dat U ’n profeet is. Nou, ons het nie een gehad vir vierhonderd jaar nie.” Want, Hy het geweet wat in haar hart was. Sien?

201 Nou, ons is ’n kerkeeu belowe deur hervormers, en ons het hulle gehad. Maar Hy het belowe, in Maleági 4, Hy sou

by Sy patroon hou in die laaste dae, wat sou gebeur: “Om die harte van die kinders terug te draai na die Geloof van die apostoliese vader.” Vir daardie einste doel! En die kerk is so verdeel in denominasies en ismes, dis so uitmekaar geskeur totdat dit dood is; dit was ’n draer. En toe het Hy belowe, in die uur van die sewende engel se Boodskap, sou die Sewe Seëls geopenbaar word; en die verborgenhede van God sou verklaar word (Openbaring 10) wanneer die sewende engel sy Boodskap begin verkondig het, nie die genesingsdiens nie, die Boodskap wat op die genesingsdiens volg.

202 Jesus was ’n “wonderlike kêrel,” solank Hy die siekes kon genees. Maar Hy het gesê toe: “Ek en My Vader is Een.”

203 “Huh-uh! Dit was verkeerd!”

204 Job was “wonderlik,” totdat iets met hom gebeur het. Sien? Dis altyd so.

205 Glo! Sal julle Hom nou aanvaar? Steek jou hand op, sê: “Ek glo Hom wel. Ek wil Hom aanvaar.” God seën jou. God seën jou. Dis goed.

Nou sit baie stil en bid net ’n oomblik.

206 Dierbare God, in hierdie ernstige oomblik, dit gaan ’n oomblik soos hierdie wees wanneer daar werklik ’n donderslag eendag sal wees, en die Seun van God uit die Hemel sal neerdaal met ’n geklank, met die stem van die Aartsengel, en die basuin van God, die dooies in Christus sal opstaan. En elkeen van ons weet, en is bewus vanaand, Vader, dat ons sal moet antwoord vir elke woord wat ons gee, en elke woord wat ons sê. Selfs die gedagtes wat in ons harte is, ons gaan daarvoor antwoord. Ek bid U, God, in Jesus se Naam, dat U elke hart sal reinig wat hierbinne is. Reinig my hart, reinig die harte van hierdie mense. En mag ons voorbereid wees, Here, en mag ons geestelike oë vanaand oopgemaak word om die Heerlikheid van Almagtige God te sien. Ons het van Hom gehoor, O Vader, God, ons bid dat U ons Hom sal laat sien. Skenk dit, Vader. Skenk hierdie seëninge, bid ek, deur Jesus Christus se Naam. Amen.

207 Onthou: In jou hart, waar jy sit, maak jou klein altaar. Sê: “Here Jesus, kom nou in my hart in. Gee my iets om . . . iets waaraan ek kan vashou. Laat my daardie inspirasie voel wat my sê dat U ‘teenwoordig’ is.”

208 Nou, wat ’n stelling om aan mense te maak! Wat ’n–’n ding om te doen! Nou gaan ek die Here God vra, vra . . .

209 Hoeveel van julle neem die bande? Julle het gehoor van: *Watter Tyd Is Dit, Menere?* Het ons daardie tydskrifte, en dinge gewys, ’n jaar voordat dit gebeur het? Wetenskap is dronkgeslaan daaroor. Daar was die Here Jesus gekroon en met daardie wit pruik op soos julle in die Bybel sien, in

Openbaring 1, en die Daniël, Opperste Regter van Hemel en aarde. Net daar, wanneer die wetenskap Dit nie eens self kan sien nie. En in die sterrewag, daarbuite in die Universiteit van Arizona, en af deur Mexiko, soek hulle, het vir die laaste twee jaar. En daar was dit aan julle vertel, dit "gaan gebeur," voor die tyd.

210 Wat van die Alaska aardbewing? Kyk hoe Hollywood in die see val! Hou dop en kyk of dit nie gebeur nie. Hy het my nog nooit enigiets verkeerd vertel nie, dit sal dit doen. Sien? En hou net dop en kyk of ons nie in die sluitingsure van die geskiedenis lewe nie. Geen mens weet watter uur Hy kom nie. Maar ek weet een ding: ek glo, in my huidige toestand, as ek by my volle positiewe is, en as ek nie 'n Christen was nie, sou ek sekerlik 'n ware Bybel-Christen wou wees, nie 'n denominasionele nie. Moenie daarop vertrou dat jy geskree het nie. Ons het dit vanmôre gehoor, dit bewys deur die Woord van God; dis heeltemal buite die wil van God, het niks gedoen behalwe dood veroorsaak nie. Moenie in die stingel wees nie, wees in die Lewe. Sien? Hê geloof in God.

211 Glo julle dat die God wat hierdie belofte gemaak het, wat wel Self verskyn het, in die Boek van Génesis, en aan Abraham verskyn het en daardie wonderwerk gedoen het… Daardie selfde God het vlees geword, menslike vlees, gebore uit 'n maagd. Daardie was 'n teofanie daar, natuurlik, maar toe toe Hy gekom het in menslike vlees en dieselfde man was, en dieselfde dinge gedoen het,…Glo julle nie dat as God 'n persoon kon kry, wat Hy beloof het om te doen volgens Maleági 4, 'n kanaal waardeur Hy kon spreek, Hy dieselfde ding sou doen wat Hy gesê het Hy daar sou gedoen het nie? Glo julle dit? Ek glo ook Hy sou.

212 Glo julle dat julle geloof kan hê om Sy kleed aan te raak, Sy geloof om die kleed aan te raak? Glo julle huidiglik nou dat Iets met julle hart praat wat julle sou sê dat julle geloof kan hê om Sy kleed aan te raak? Glo julle julle kan dit doen? Reik jy dan op en raak dan aan met julle geloof, nie met emosie nie, net met absolute suiwer, onvervalsde geloof. Sê net: "Here, ek glo. Ek glo met my hele hart. Ek wil hê U moet my aanraak, want ek—ek het gehoor U het dit gedoen, nou wil ek dit met my eie oë sien."

213 En ek kan julle nie aanraak nie. Dit neem God om die aanraking te doen. Glo julle Hy sal dit doen? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

214 Ek kyk reguit agtertoe na my linkerkant hier. Dit lyk asof daar 'n kanaal is, soort van, soos ek gepraat het, wat soontoe trek. Siende dat ek dit soontoe gerig het, nou kom dit wonderlik in. Dis 'n dame wat daar sit saam met haar man. Sy's nie van hier nie. Sy's van Texas, Dallas. Sy ly, en haar man ly ook. Sy

ly aan 'n komplikasie, sy het 'n operasie gehad. Dis reg. Haar man ly aan iets met sy rug, rugprobleem. Mnr. en Mev. Corbet, van Texas; Dallas, Texas. As dit so is, steek jou hand op. Ek is 'n vreemdeling vir julle. Is dit reg? Geen manier vir my in die wêreld om dit te weet nie. Wat is dit? "Ek het van U gehoor met die oor, nou sien ek U." Sien wat ek bedoel? Nou vra daardie egpaar. Ek het hulle nog nooit gesien in my lewe nie. "Ek het van U gehoor met die oor, nou sien ek U met my oog."

215 As jy kan glo, kan God voorsien wat jy nodig het.

216 Daardie man wat daar sit met sy hand op sy ken, met daardie hoë bloeddruk. Glo jy God sal jou genees, meneer? Glo jy? Wat met jou hand sit soos *hierdie,* glo jy God sal jou genees van daardie hoë bloeddruk? Steek jou hand op, as jy Dit glo. Goed, Hy doen dit. Ek het nog nooit die man in my lewe gesien nie, ek weet niks van hom nie. Maar jy het gehoor dat Jesus gesê het, hier in die Bybel, dat Hy hierdie dinge sou doen, nou sien jy dit! Sien jy wat ek bedoel? "As jy kan glo, is alle dinge moontlik." Slegs aan hulle wat glo! Dit neem ware, egte geloof om dit te doen. Maar as jy Dit kan glo, sal God dit skenk.

217 Daar's 'n dame wat daar reg agter sit, na my kyk, het 'n skildklier vergroting in haar keel.

218 Dame wat langsaan sit, langs haar sit, dat sy sal verstaan, daardie dame daar het ook hoë bloeddruk. Dis reg.

219 Dame wat langs haar sit, sy het ook 'n—'n probleem. En sy's nie van hier nie, sy's van Arkansas. Hulle mis dit. Mejuffrou Phillips, glo aan die Here Jesus Christus, en word genees! Glo jy Hom? Met jou hele hart? Aanvaar jy Dit? Reg. Dan kan jy dit kry.

Nou jy sê: "Dis geheimsinnig." Nee! Nee!

220 Jesus het gesê: "Jou naam is Simon, jy's die seun van Jonas." Is dit reg?

221 "Ek het van U gehoor met my oor, nou sien ek U met my oog." Sien julle nou nie wat gebeur het nie? Iemand wat net daar sit, kyk, glo, vertrou, en daar gebeur dit meteens. Sien?

222 Voel beter, vanaand, seun, as wat jy gisteraand het? Sit jy? Dis nou alles reg, jy gaan gesond wees (uh-huh). Hier gesit gisteraand, sy kop gestamp en alles; nou, vanaand, lyk hy na 'n heer. Sien? Hy was 'n bietjie deurmekaar oor dinge, maar dis nou alles uitgestryk. Sien? Dit sal alles reg wees. Sien? "En in daardie dag, die Seun van die mens geopenbaar word, sien, net voor Sodom verbrand moet word."

223 "Ek het van U gehoor met my oor, nou sien ek U met my oog. Ek het Jesus Christus hoor sê dat Hy dit belowe het, ek sien nou daardie belofte lewe." Sien? "Ek het van U gehoor met my oor, nou sien ek Hom met my oog." Hoeveel glo dat Dit Hy is? (O God!)

224 Nou, terwyl ons hier is. . . dit word laat. Môre-aand gaan ons 'n groot genesingsdiens hê. Ons verwag van my en Broer Moore om hier te staan en vir elke persoon te bid wat deur die ry wil kom. Maar ek het gedink deur dit te preek vanaand, dat ek net die altaaroproep sou maak. Maar toe het ek gedink: "nee," Dit het daar gesê: "Ek het van U gehoor met die oor, nou wil ek U sien met my oog." Nou Hy's hier. Glo julle dit?

225 Nou laat ons ons hande oorkant op mekaar lê. Nou, onthou, dieselfde Een wat belowe het Hy sou *dit* doen, het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Het Hy Dit gesê? Is jy 'n gelowige? Sê: "Amen." Wel, dan, dieselfde God wat hierdie belofte gemaak het, wat julle Hom nou sien doen,. . . Vra enige van daardie mense, ek het hulle nooit gesien nie, niks van hulle geweet nie. Ek sou hulle nie op hierdie oomblik ken nie, sien, onmoontlik vir my. Maar daardie Skrif moet vervul word! Wel, as daardie vervul is, wys dit ons is in die laaste tye, ons sal weet dat die Seun van die mens gereed is om te wees. . . om te kom, want Hy openbaar Homself in menslike vlees. Is dit reg?

226 Dan weet ons dis waar, en jy sê jy's 'n gelowige aan Hom, en julle het julle hande gelê op mekaar. En as julle hande op mekaar gelê is, is daardie selfde Seun van God wat hier is om *hierdie* te laat waar word voor julle oë, is dieselfde Seun hier om te sê: "Hulle sal gesond word!" Dieselfde Seun van God! "Ek het gehoor dat Hy gesê het: 'As die gelowiges hulle hande oplê, sal hulle gesond word.' Ek het dit gehoor met my ore, nou laat ek dit met my oë sien. Hy het belowe om dit te doen."

Nou terwyl ek bid, bid julle:

227 Here Jesus, in die Naam van die Here God van die Hemel, laat U Gees in hierdie mense se harte inval; daardie egte geloof van God, wat hierdie belofte aan hulle sal bevestig. En mag die God van die Hemel elkeen van hulle genees, soos hulle U gebooie gehoorsaam deur hande op mekaar te lê. Laat dit so wees, Here. In die Naam van Jesus Christus, skenk dat dit so sal wees, tot U heerlikheid.

228 Nou, glo julle dat julle gekry het waarvoor julle gevra het? Sê iets in jou hart vir jou? Voel julle daardie sprankie inspirasie, wat gesê het: "Wel, dis verby! Dis gedoen!"?

229 Die gebod van God het gesê dat ons dit kan hoor met ons oor, nou kan ons dit sien met ons oog. Job het gesê: "Ek het van U gehoor deur die gehoor van die oor, maar nou sien ek U met my oë."

230 Nou, julle het dit gehoor deur die Woord, deur die gehoor van die Woord: "Geloof kom deur gehoor, gehoor van die Woord." Nou kan julle Dit sien optree, met julle oë! Nou, daardie selfde God wat dit gesê het, toe hierdie dinge moes plaasvind, dat "die gelowiges Hiervan sou hulle hande op

die siekes lê, en hulle sou gesond word." Het dit nou in julle harte ingeval dat julle "genees" is? Steek julle hande op as dit het. Amen! Dis ware apostoliese genesing. Bedoel julle dit? Glo julle Dit met julle hele hart? Halleluja! Dis al wat ons nodig het.

Laat ons dan op ons voete staan en Hom prys:

231 Dank U, Here Jesus. Geseënd sy die Naam van die Here.

Ek sal Hom prys! Ek sal Hom prys!
Die Lam prys, vir sondaars geslag;
Bring Hom lof, al jul mense,
Want Sy Bloed het elke vlek gewas.

232 Nou, het julle Hom lief? Nou laat ons, almal saam, lof aan Hom bring, al julle mense. Nou, kyk, as daardie geopenbaar is aan jou deur God, in die kanaal waarin jy gered is, dieselfde kanaal wat jou vertel het "jy is gered," dieselfde kanaal waardeur God beweeg het, soos Hy het deur Job en die profete, het Hy deur jou beweeg deur daardie kanaal as 'n Christen, deur Sy Goddelike openbaring, dat "jy genees is," dan is daar niks wat dit gaan weerhou om te gebeur nie.

So ons bring Hom lof, al julle mense,
Want Sy Bloed het gewas elke . . . (elke twyfel,
elke twyfel weggewas).

Ek sal Hom prys! Ek sal Hom prys!
Die Lam prys, vir sondaar geslag;
Bring Hom lof, al jul mense,
Want Sy Bloed het elke vlek gewas.

233 O, het julle Hom nie lief nie? Ag, hoe wonderlik. "Ek het van U gehoor, Here, met my oor, en geloof kom deur die gehoor; maar nou sien ek U, God wat Homself bekend maak onder Sy mense soos Hy het aan Abraham, deur die belofte hier dat die Seun van die mens Homself sou openbaar in die dae waarin die wêreld 'n Sodomtoestand geword het.

234 En daar was drie boodskappers, wat uitgegaan het, afgekom het uit die Hemel.

235 En daar was 'n denominasionele groep onder in Sodom, en 'n Billy Graham en 'n Oral Roberts het soontoe gegaan. En onthou soos ek julle gesê het, nêrens in die geskiedenis van die kerk was daar ooit 'n boodskapper universeel aan die kerk gestuur, tot nou, wie se naam eindig soos Abraham, h-a-m, nie. G-r-a-h-a-m, ses letters, aan die wêreld, die mens se getal.

236 Maar Abraham het sewe letters in die naam gehad, God se volledige en volmaakte getal. Sien?

237 En let op wat die boodskappers gedoen het, wat uitgegaan het daarin: die Woord gepreek, hulle uitgeroep, hulle vertel om te bekeer.

238 Maar die Een wat agtergebly het by Abraham, sien, het 'n wonderwerk gedoen deur vir Abraham te sê wat Sara gedoen en gedink het in die tent agter Hom. En Jesus, wie die Een was wat in hierdie Persoon was, het gesê: "Wanneer die wêreld in 'n Sodomtoestand raak, soos dit toe was, sal die Seun van die mens weer geopenbaar word." En al die ander Skrifte wat dit bevestig as reg. Die... "In die begin was die... [Gemeente sê: "Woord,"—Red.] "En die Woord was by" [Gemeente sê: "God,"—Red.] "En die Woord was" [Gemeente sê: "God."—Red.]. "En die Woord het vlees geword en onder ons gewandel." Is dit reg? Nou sien ons daardie selfde beloofde Woord, van Lukas, van Maleági, al hierdie ander beloftes vir vandag, vlees gemaak, wat onder ons wandel, wat ons gehoor het met ons ore; nou sien ons Hom (met ons oë) wat Sy Eie Woord interpreteer, ons het geen interpretasie van die mens nodig nie. O kerk van die Lewende God! hier en op die telefone! word vinnig wakker, voordat dit te laat is! God seën julle.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het,
En my verlossing gekoop het
Op Golgóta se boom.

239 Kan julle dink, kerk, dat julle met julle eie oë sien... Die Lewende Woord van God gemanifesteerd; die belofte van die uur, in die laaste dae, met julle eie oë na die Lewende Woord kyk wat geïnterpreteer word in natuurlike vorm, God onder ons! "Ek sien Hom met my eie oë, die Een... Ek het gehoor dat Hy dit sou doen." Al die ou wyses het gesoek na hierdie dag, nou sien ons Dit gemanifesteer met ons eie oog. Hoeveel het die ou skreeuende Metodiste, Baptiste, en die ware, egte pinksters in hulle eeu, verlang om hierdie te sien gebeur! Baie van hulle het geweet dit sou gebeur. Maar ons staan vanaand en sien dit gebeur! O! Het julle Hom nie lief nie?

240 Nou, Jesus het gesê: "Hieraan sal alle mense weet dat julle my dissipels is, wanneer julle mekaar liefhet." So aangesien ons Hom liefhet, laat ons mekaar se hande skud en sing: *Ek sal Hom prys! Ek sal Hom prys!* Goed:

Ek sal Hom prys! Ek sal Hom prys!
O, die Lam prys, geslag vir sondaars;
Bring Hom lof, al... (Hoe doen jy dit?)... mense
Want Sy Bloed het elke vlek gewas.

241 Wat het die koningin van Bélsasar voor haar koning gesê daardie aand? "Daar is 'n man in u koninkryk wat 'n oplosser van twyfel is." En die Heilige Gees, vanaand, is die oplosser van twyfel! Glo julle dit? [Broer Branham praat met iemand—Red.] Die oplosser van twyfel! Nou, die Bloed van Christus neem elke vlek weg, die vlek van twyfel. Daar is nie

’n groter sonde in die wêreld as ongeloof nie: “Want hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel!” Is dit reg? “Hy wat nie glo nie, is veroordeel.” Daar is slegs een sonde, en dis ongeloof. Rook is nie ’n sonde nie, vloek is nie ’n sonde nie, owerspel pleeg is nie ’n sonde nie, lieg is nie ’n sonde nie; dit is nie sonde nie, dis die gevolge van ongeloof. Ongeloof! Jy doen dit, want jy glo nie. As jy Dit wel glo, doen jy dit nie.

242 O! O! Wat. . .Wonderlik! En die Bloed van die Lam het elke twyfel weggewas. Ons glo Sy Woord, onwrikbaar. Ons glo dat die Woord vlees geword het. En ons glo die Woord *is* vlees gemaak deur die bevestiging van Sy Teenwoordigheid nou om Sy Woord te bevestig. Glo julle Dit? God seën julle.

243 Ons hoop om julle hier te sien in die oggend, vir ’n wonderlike tyd in die Here. Buig nou julle hoofde, en ek gee die diens aan Broer Lindsay.

*EK HET GEHOOR, MAAR NOU SIEN EK* AFR65-1127E
(I Have Heard But Now I See)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagaand, 27 November 1965, by die Life Tabernakel in Shreveport, Louisiana, V.S.A., is geneem vanaf ’n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL’S PARK, GORDON’S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



Voice Of God Recordings

P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.

www.branham.org